

# Die Grondwet van Namibia

OMBUDSMAN NAMIBIA

THE OTHER SIDE OF THE STORY

# ERKENNING

**Hierdie publikasie is moontlik gemaak deur die finansiële ondersteuning van die Konrad-Adenauer-Stiftung.**


## Redaksionele Nota

**Namibië het net een amptelike taal: Engels. Daarom kan daar ook net een amptelike teks van die Grondwet wees. Die redaksionele komitee en almal wat aan hierdie vertaling meegewerk het, was ten volle bewus daarvan dat die vertaling nie ’n regsdokument is nie en nooit met die amptelike Engelse Grondwet kan meeding nie.**

**Maar ons het die feit dat ons nie aan ’n amptelike teks werk nie as ’n geleentheid eerder as ’n belemmering gesien. Dit was nie vir ons nodig om woord-vir-woord by die amptelike teks te bly nie. Ons oogmerk was om ’n goeie vertaling in Afrikaans-sprekende Namibiërs se hande te sit wat lekker lees en die Grondwet vir Jan Alleman toeganklik maak.**

**Die vertalers het die lang sinne van die Engelse teks hier en daar in kort, leesbare sinne opgebreek en soms ’n herhaling van woorde en sinsnedes weggelaat as dit die teks moeilik leesbaar maak en niks bydra tot ’n beter verstaan daarvan nie.**

**Ons gebruik ’n nuwe woord vir die Supreme Court: Hoogste Hof. Dit is ’n veel beter vertaling as die ou koloniale Hooggeregshof. Omdat die huidige Hoërhof voor onafhanklikheid as die Hooggeregshof van Suidwes-Afrika bekend gestaan het, is die woord Hooggeregshof dikwels verkeerd verstaan. Ons hoop die Hoogste Hof vind byval by die Namibiese publiek.**

**Nico Horn**
**Koördineerder, Februarie 2009**


© 2009, Kantoor van die Ombudsman en Konrad-Adenauer-Stiftung.



Kantoor van die Ombudsman
Privaatsak 13211
Windhoek
Namibië
Tel. 264-61207 3111
Fax 264-61 220 550
office@ombudsman.org.na
www.ombudsman.org.na

Konrad Adenauer Stfitung
P.O. Box 1145
Windhoek
Namibië
info@kas-namibia.org
www.kas.de/namibia



Koördineerder: Prof. Nico Horn
Taalredakteur: Mnr. Johan Linde

# INHOUDSOPGAWE


**AANHEF**

| | | |
|---|---|---|
| **HOOFSTUK 1** | **Die Republiek** | |
| Artikel 1 | Oprigting van die Republiek van Namibië en die Afbakening van sy Grond gebied | 2 |
| Artikel 2 | Nasionale Simbole | 2 |
| Artikel 3 | Taal | 3 |
| **HOOFSTUK 2** | **Burgerskap** | |
| Artikel 4 | Verkryging en Verlies van Burgerskap | 3 |
| **HOOFSTUK 3** | **Fundamentele menseregte en vryhede** | |
| Artikel 5 | Beskerming van Fundamentele Menseregte en Vryhede | 7 |
| Artikel 6 | Beskerming van Lewe | 7 |
| Artikel 7 | Beskerming van Vryheid | 7 |
| Artikel 8 | Respek vir Menswaardigheid | 7 |
| Artikel 9 | Slawerny en Dwangarbeid | 7 |
| Artikel 10 | Gelykheid en Vryheid teen Diskriminasie | 8 |
| Artikel 11 | Inhegtenisneming en Aanhouding | 8 |
| Artikel 12 | Regverdige Verhoor | 9 |
| Artikel 13 | Privaatheid | 10 |
| Artikel 14 | Gesin | 10 |
| Artikel 15 | Kinderregte | 11 |
| Artikel 16 | Eiendom | 11 |
| Artikel 17 | Politieke Bedrywighede | 12 |
| Artikel 18 | Administratiewe Geregtigheid | 12 |
| Artikel 19 | Kultuur | 13 |
| Artikel 20 | Onderwys | 13 |
| Artikel 21 | Fundamentele Vryhede | 13 |
| Artikel 22 | Beperkinge op Fundamentele Regte en Vryhede | 14 |
| Artikel 23 | Apartheid en Regstellende Aksie | 15 |
| Artikel 24 | Inkorting | 15 |
| Artikel 25 | Afdwingbaarheid van Fundamentele Regte en Vryhede | 16 |
| **HOOFSTUK 4** | **Openbare noodtoestand, staat van nasionale verdediging en krygswet** | |
| Artikel 26 | Noodtoestand, Staat van Nasionale Verdediging en Krygswet | 18 |

| | | |
|---|---|---|
| **HOOFSTUK 5** | **Die President** | |
| Artikel 27 | Die Hoof van die Staat en die Regering | 20 |
| Artikel 28 | Verkiesing | 20 |
| Artikel 29 | Ampstermyn. | 21 |
| Artikel 30 | Eed of Bevestiging | 22 |
| Artikel 31 | Immuniteit teen Siviele- en Strafregterlike Verhore | 22 |
| Artikel 32 | Funksies, Bevoegdhede en Pligte | 23 |
| Artikel 33 | Vergoeding | 26 |
| Artikel 34 | Opvolging | 26 |
| **HOOFSTUK 6** | **Die Kabinet** | |
| Artikel 35 | Samestelling | 26 |
| Artikel 36 | Werksaamhede van die Eerste Minister | 27 |
| Artikel 37 | Adjunk-Ministers | 27 |
| Artikel 38 | Eed of Bevestiging | 27 |
| Artikel 39 | Mosie van Wantroue | 27 |
| Artikel 40 | Pligte en Werksaamhede | 27 |
| Artikel 41 | Ministeriële Aanspreeklikheid | 29 |
| Artikel 42 | Werk Buite die Staat | 29 |
| Artikel 43 | Sekretaris van die Kabinet | 29 |
| **HOOFSTUK 7** | **Die Nationale Vergadering** | |
| Artikel 44 | Wetgewende Gesag | 30 |
| Artikel 45 | Wese van Verteenwoordiging | 30 |
| Artikel 46 | Samestelling | 30 |
| Artikel 47 | Onbevoegdheid van Lede | 31 |
| Artikel 48 | Ontruiming van Setel | 32 |
| Artikel 49 | Verkiesing | 32 |
| Artikel 50 | Termyn | 32 |
| Artikel 51 | Speaker | 33 |
| Artikel 52 | Sekretaris en ander Beamptes | 33 |
| Artikel 53 | Kworum | 33 |
| Artikel 54 | Beslissende Stem | 34 |
| Artikel 55 | Eed of Bevestiging | 34 |
| Artikel 56 | Goedkeuring van Wetsontwerpe | 35 |
| Artikel 57 | Ontbinding | 35 |
| Artikel 58 | Verrigting van Werksaamhede na Ontbinding | 35 |
| Artikel 59 | Reëls van Prosedures, Komitees en Reglement van Orde | 35 |
| Artikel 60 | Pligte, Voorregte en Immuniteite van Lede | 36 |
| Artikel 61 | Openbare Toegang tot Sittings | 36 |

| | | |
|---|---|---|
| Artikel 62 | Sittings | 37 |
| Artikel 63 | Werksaamhede en Bevoegdhede | 37 |
| Artikel 64 | Weerhouding van Presidensiële Goedkeuring | 38 |
| Artikel 65 | Ondertekening en Registrasie van Wette | 39 |
| Artikel 66 | Gewoontereg en Gemenereg | 39 |
| Artikel 67 | Vereiste Meerderhede | 39 |
| **HOOFSTUK 8** | **Die Nasionale Raad** | |
| Artikel 68 | Instelling | 40 |
| Artikel 69 | Samestelling | 40 |
| Artikel 70 | Ampstermyn van Lede | 40 |
| Artikel 71 | Eed of Bevestiging | 40 |
| Artikel 72 | Kwalifikasies van Lede | 40 |
| Artikel 73 | Voorsitter en Ondervoorsitter | 41 |
| Artikel 74 | Bevoegdhede en Werksaamhede | 41 |
| Artikel 75 | Hersiening van Wetgewing | 42 |
| Artikel 76 | Kworum | 44 |
| Artikel 77 | Stemming | 44 |
| **HOOFSTUK 9** | **Regspleging** | |
| Artikel 78 | Die Regbank | 45 |
| Artikel 79 | Die Hoogste Hof | 45 |
| Artikel 80 | Die Hoërhof | 46 |
| Artikel 81 | Bindende Aard van Beslissings van die Hoogste Hof | 46 |
| Artikel 82 | Aanstelling van Regters | 46 |
| Artikel 83 | Laer Howe | 47 |
| Artikel 84 | Ontslag van Regters uit die Amp | 47 |
| Artikel 85 | Die Regsdienskommissie | 48 |
| Artikel 86 | Die Prokureur-Generaal | 48 |
| Artikel 87 | Bevoegdhede en Werksaamhede van die Prokureur-Generaal | 48 |
| Artikel 88 | Die Aanklaer-Generaal | 49 |
| **HOOFSTUK 10** | **Die Ombudsman** | |
| Artikel 89 | Instelling en Onafhanklikheid | 50 |
| Artikel 90 | Aanstelling en Werkstermyn | 50 |
| Artikel 91 | Funksies | 50 |
| Artikel 92 | Bevoegdhede van Ondersoek | 52 |
| Artikel 93 | Betekenis van “Amptenaar” | 52 |
| Artikel 94 | Ontslag uit Amp | 53 |

| | | |
|---|---|---|
| **HOOFSTUK 11** | **Beginsels van Staatsbeleid** | |
| Artikel 95 | Bevordering van die Welsyn van die Bevolking | 53 |
| Artikel 96 | Buitelandse Betrekkinge | 55 |
| Artikel 97 | Asiel | 55 |
| Artikel 98 | Beginsels van Ekonomiese Orde | 55 |
| Artikel 99 | Buitelandse Beleggings | 56 |
| Artikel 100 | Soewereine Eienaarskap van Natuurlike Hulpbronne | 56 |
| Artikel 101 | Toepassing van die Beginsels vervat in hierdie Hoofstuk | 56 |
| **HOOFSTUK 12** | **Streeks- en Plaaslike Regering** | |
| Artikel 102 | Strukture van Streeks- en Plaaslike Regering | 56 |
| Artikel 103 | Instelling van Streeksrade | 57 |
| Artikel 104 | Die Afbakeningskommissie | 57 |
| Artikel 105 | Samestelling van Streeksrade | 57 |
| Artikel 106 | Streeksraadverkiesings | 57 |
| Artikel 107 | Besoldiging van Lede van Streeksrade | 58 |
| Artikel 108 | Bevoegdhede van Streeksrade | 58 |
| Artikel 109 | Bestuurskomitees | 58 |
| Artikel 110 | Administrasie en Funksies van Streeksrade | 59 |
| Artikel 111 | Plaaslike Owerhede | 59 |
| **HOOFSTUK 13** | **Die Staatsdienskommissie** | |
| Artikel 112 | Instelling | 60 |
| Artikel 113 | Werksaamhede | 60 |
| **HOOFSTUK 14** | **Die Veiligheidskommissie** | |
| Artikel 114 | Instelling en Werksaamhede | 61 |
| **HOOFSTUK 15** | **Die Polisiemag, die Weermag en die Gevangenisdiens** | |
| Artikel 115 | Instelling van die Polisiemag | 61 |
| Artikel 116 | Die Inspekteur-Generaal van Polisie | 61 |
| Artikel 117 | Ontslag van die Inspekteur-Generaal van Polisie | 62 |
| Artikel 118 | Instelling van die Weermag | 62 |
| Artikel 119 | Hoof van die Weermag | 62 |
| Artikel 120 | Ontslag van die Hoof van die Weermag | 62 |
| Artikel 121 | Instelling van die Gevangenisdiens | 62 |
| Artikel 122 | Kommissaris van Gevangenisse | 63 |
| Artikel 123 | Ontslag van die Kommissaris van Gevangenisse | 63 |

**HOOFSTUK 16 Finansies**
Artikel 124 Oordrag van Regeringsbates .......... 63
Artikel 125 Die Staatsinkomstefonds .......... 63
Artikel 126 Begroting .......... 64
Artikel 127 Die Ouditeur-Generaal .......... 64

**HOOFSTUK 17 Sentrale Bank en Nasionale Beplanningskommissie**
Artikel 128 Die Sentrale Bank .......... 65
Artikel 129 Die Nasionale Beplanningskommissie .......... 65

**HOOFSTUK 18 Inwerkingtreding van hierdie Grondwet**
Artikel 130 Inwerkingtreding van die Grondwet .......... 66

**HOOFSTUK 19 Wysiging van die Grondwet**
Artikel 131 Verskansing van Fundamentele Regte en Vryhede .......... 66
Artikel 132 Herroeping en Wysiging van die Grondwet .......... 66

**HOOFSTUK 20 Die Wet in Werking en Oorgangsbepalings**
Artikel 133 Die Eerste Nasionale Vergadering .......... 67
Artikel 134 Verkiesing van die Eerste President .......... 67
Artikel 135 Implementering van die Grondwet .......... 68
Artikel 136 Bevoegdhede van die Nasionale Vergadering voor die Verkiesing van 'n Nasionale Raad .......... 68
Artikel 137 Verkiesing van die Eerste Streeksrade en die Eerste Nasionale Raad .......... 68
Artikel 138 Howe en Hangende Aksies .......... 69
Artikel 139 Die Regsdienskommissie .......... 71
Artikel 140 Die Wet in Werking op die Datum van Onafhanklikheid .......... 72
Artikel 141 Bestaande Aanstellings .......... 73
Artikel 142 Aanstelling van die Eerste Hoof van die Weermag, die Eerste Inspekteur-Generaal van Polisie en die Eerste Kommissaris van Gevangenisse .......... 73
Artikel 143 Bestaande Internasionale Ooreenkomste .......... 73

**HOOFSTUK 21 Finale Bepalings**
Artikel 144 Internasionale Reg .......... 74
Artikel 145 Voorbehoud .......... 74
Artikel 146 Definisies .......... 74
Artikel 147 Herroeping van Wette .......... 75
Artikel 148 Kort Titel .......... 75

**Skedule 1** ..................................................................76

**Skedule 2** ..................................................................76

**Skedule 3** ..................................................................76

**Skedule 4** ..................................................................77

**Skedule 5** ..................................................................78

**Skedule 6** ..................................................................79

**Skedule 7** ..................................................................79

**Skedule 8** ..................................................................81

**Verduidelikende Nota** ..................................................................82

**Wet** ..................................................................82

**Kort Titel** ..................................................................82

# AANHEF

Aangesien ons die ingebore waardigheid en die gelyke en ononderhandelbare reg van alle lede van die menslike geslag erken as ’n voorvereiste vir vryheid, geregtigheid en vrede;

Aangesien hierdie regte die indiwidu se reg tot lewe, vryheid en die strewe na geluk ongeag ras, kleur, etniese oorsprong, geslag, godsdiens, geloof en sosiale of ekonomiese status insluit;

Aangesien hierdie regte ten beste in ’n demokratiese samelewing onderhou en beskerm kan word, waar die regering verantwoording doen aan vry, verkose verteenwoordigers van die volk, wat optree onder ’n soewereine grondwet en ’n vrye, onafhanklike regbank;

Aangesien die Namibiese volk so lank hierdie regte ontsê is deur kolonialisme, rassisme en apartheid;

Aangesien ons die Namibiese volk -

– uiteindelik die stryd teen kolonialisme, rassisme en apartheid oorwin het;

– vasberade is om ’n Grondwet aan te neem wat aan onsself en ons kinders ons besluit verwoord om die voordele wat ons in ons lang stryd behaal het, beskermend te koester;

– begeer om onder ons die waardigheid van die individu en die integriteit van die Namibiese volk te bevorder, asook onder ander volke en in verhouding met ander volke van die wêreld;

– daarna sal streef om versoening binne die Namibiese gemeenskap te bereik en om vrede, eenheid en ’n gemeenskaplike lojaliteit teenoor ons eie land te bewerkstellig;

– getrou aan hierdie beginsels, besluit het om die Republiek van Namibië te stig as ’n soewereine, sekulêre, demokratiese eenheidstaat wat geregtigheid, vryheid, gelykheid en broederskap waarborg.

Daarom aanvaar ons, die mense van Namibië, hierdie grondwet as die fundamentele reg van ons soewereine en onafhanklike Namibië.

# HOOFSTUK 1
# Die Republiek

**Artikel 1 – Stigting van die Republiek van Namibië en die Afbakening van sy Grondgebied**

(1) Die Republiek van Namibië word hiermee gestig as 'n soewereine, demokratiese eenheidstaat gebou op die beginsels van demokrasie, erkenning van regeringsgesag en geregtigheid vir almal.

(2) Alle gesag sal in die mense van Namibië setel, wat hul gesag sal uitoefen deur die demokratiese instellings van die Staat.

(3) Die belangrikste staatsinstellings sal die Uitvoerende, Wetgewende en Regterlike gesag wees.

(4) Die nasionale grondgebied van Namibië sal uit die ganse grondgebied bestaan wat deur die internasionale gemeenskap deur die agentskappe van die Verenigde Nasies as Namibië erken word, insluitend die Walvisbaaise enklawe, hawe en poort, asook die Namibiese aflandige eilande en die suidelike grens sal strek tot in die middel van die Oranjerivier.

(5) Windhoek sal die setel van die sentrale Regering wees.

(6) Die Grondwet sal die hoogste wet van Namibië wees.

**Artikel 2 - Nasionale Simbole**

(1) Namibië sal 'n nasionale vlag hê. Die beskrywing van die vlag word uiteengesit in Skedule 4 van die Grondwet.

(2) Namibië sal 'n nasionale wapen, 'n volkslied en 'n staatseël hê, wat gereël sal word deur Parlementêre wetgewing, wat net deur 'n twee-derde meerderheid van alle lede van die Nasionale Vergadering aangeneem en verander kan word.

(3) (a) Die staatseël van die Republiek van Namibië sal die wapen vertoon met die woord Namibië en die leuse van die land, onderaan, wat deur Parlementêre wetgewing bepaal sal word.

(b) Die President, of iemand deur die President afgevaardig vir die doel, sal die staatseël beheer en beskerm en sal op amptelike dokumente gebruik word soos deur die President bepaal.

**Artikel 3 – Taal**

(1) Engels is die amptelike taal van Namibië.

(2) Niks in hierdie Grondwet sal die gebruik van enige ander taal as ’n medium van onderrig in privaatskole of in ’n skole wat deur die Staat gefinansier of gesubsidieer word, verbied nie, met dien verstande dat dat sulke skole sal voldoen aan die vereistes wat die reg mag stel om taalvaardigheid in die amptelike taal te verseker, of vir opvoedkundige redes.

(3) Niks in Sub-Artikel (1) van die Artikel sal deur Parlementêre wetgewing uitsluit nie wat die gebruik van ’n ander taal as Engels toelaat vir wetgewende, administratiewe en juridiese redes in streke of gebiede waar ’n taal of tale deur ’n aansienlike aantal mense gepraat word.

# HOOFSTUK 2

# Burgerskap

**Artikel 4 – Verkryging en verlies van burgerskap**

(1) Die volgende persone is Namibiese burgers vanweë geboorte:

- (a) persone wat voor die dag van onafhanklikheid in Namibië gebore is en wie se ouers reeds burgers sou wees by hul geboorte, indien hierdie Grondwet toe in werking was; en

- (b) persone wat voor die datum van onafhanklikheid gebore is en nie Namibiese burgers is onder Sub-Artikel (a) nie en wie se vaders en moeders reeds Namibiese burgers was by geboorte van sulke persone, op voorwaarde dat hulle ouers nie:

  - (aa) enige diplomatieke immuniteit geniet het onder enige van die Namibiese wette wat betrekking het op diplomatiese voorregte nie; of

  - (bb) ’n beroepsverteenwoordiger van ’n ander land was nie; of

  - (cc) lede was van enige polisiemag, weermag of veiligheidseenheid gesekondeer vir diens binne Namibië, deur die Regering van ’n ander land nie. Verder dat

hierdie Sub-Artikel nie van toepassing is op enige persone wat burgerskap verlang deur geboorte nie, indien sulke persone reeds gewone inwoners van Namibië was met Onafhanklikheid en vir n ononderbroke tydperk van minstens vyf (5) jaar in Namibië woonagtig was, of indien die vader of moeder van sulke persone reeds gewone inwoners van Namibië was by geboorte van die persoon wat burgerskap verlang en hy/sy reeds 'n inwoner van Namibië was vir 'n ononderbroke tydperk van minstens vyf (5) jaar voor sodanige datum;

(c) persone wat na die datum van Onafhanklikheid gebore word en wie se vader of moeder reeds burgers van Namibië is by geboorte van so persoon;

(d) persone gebore ná Onafhanklikheid wat nie kwalifiseer vir burgerskap onder Sub-Artikel (c) nie en wie se vader of moeder reeds gewone inwoners van Namibië was by geboorte van die persone, mits die vader of moeder nie persone is wat:

(aa) enige diplomatieke immuniteit in Namibië geniet onder enige wet wat betrekking het op diplomatieke voorregte nie; of

(bb) 'n beroepsdiplomaat van 'n ander land was nie; of

(cc) lede van enige polisiemag, weermag of veiligheidseenheid gesekondeer vir diens binne Namibië deur die Regering van 'n ander land is nie; of

(dd) onwettige immigrante is nie:

Verder dat Sub-Artikels (aa), (bb), (cc) en (dd) hierby nie van toepassing is op kinders wat andersins staatloos is nie.

(2) Die volgende persone sal burgers van Namibië wees deur herkoms.

(a) Persone wat nie Namibiese burgers is nie onder Sub-Artikel (1) en wie se vaders en moeders reeds gewone burgers van Namibië is by geboorte van sulke persone, of wie se vaders of moeders reeds sou kwalifiseer vir burgerskap deur geboorte onder Artikel (1), mits hierdie Grondwet reeds daardie tyd in werking was;

(b) Persone wat voldoen aan die voorskrifte van registrasie van

burgerskap soos voorgeskryf deur die Parlement. Niks in die Grondwet mag egter die Parlement verhoed om wetgewing voor te skryf nie, wat sal eis dat die geboorte van sulke persone binne ’n spesifieke periode in Namibië of by ’n ambassade, konsulaat of kantoor van ’n beroepsverteenwoordiger van die Regering van Namibië geregistreer moet word.

(3) Die volgende persone sal burgers van Namibië wees deur die huwelik.

(a) Persone wat nie Namibiese burgers is nie onder Artikel (1) of (2) en wat:

(aa) in goedertrou met ’n Namibiese burger trou of, voor die Grondwet in werking getree het, in goeie goedertroue met ’n persoon getrou het wat sou kwalifiseer vir Namibiese burgerskap indien die Grondwet reeds in werking was; en

(bb) voor die huwelik reeds normaalweg in Namibië gewoon het vir ’n periode van minstens twee (2) jaar as die eggenoot of eggenote van sodanige persoon;

(cc) wat aansoek doen om burgers van Namibië te word;

(b) vir die doeleindes van hierdie Sub-Artikel (en sonder om afbreuk te doen aan enige uitwerking wat dit mag hê op enige ander oogmerke) word ’n huwelik deur gewoontereg beskou as ’n huwelik: op voorwaarde dat niks in die Grondwet die Parlement sal verhoed om wetgewing te formuleer nie, wat die vereistes bepaal waaraan so ’n gewoonregtelike huwelik moet voldoen om erken te word vir die doeleindes van hierdie Sub-Artikel.

(4) Burgerskap deur registrasie mag opgeëis word deur persone wat nie Namibiese burgers in terme van Sub-Artikels (1), (2) of (3) is nie, wat reeds gewone inwoners in Namibië was ten tye van Onafhanklikheid en reeds vir ’n periode van minstens vyf (5) jaar in Namibië woonagtig was. So ’n aansoek vir burgerskap onder hierdie Sub-Artikel moet binne ’n tydperk van twaalf (12) maande vanaf die datum van Onafhanklikheid ingehandig word en die persone moet afstand doen van burgerskap van enige ander land waarvan hulle burgers is.

(5) Persone wat nie Namibiese burgers is nie ingevolge Artikels (1), (2), (3) of (4) mag aansoek doen vir burgerskap deur naturalisasie mits hulle:

(a) normaalweg in Namibië woonagtig is wanneer die aansoek vir naturalisasie ingedien word; en

(b) sodanig in Namibië woonagtig was vir 'n ononderbroke periode van minstens vyf (5) jaar, hetsy voor of na Onafhanklikheid; en

(c) voldoen aan enige ander vereiste met betrekking tot gesondheid, morele waardes, sekuriteit of wettigheid van verblyf soos voorgeskryf deur die reg.

(6) Geeneen van bogenoemde bepalinge sal die Parlement verhoed om by wyse van wetgewing die toekenning van Namibiese burgerskap aan enige geskikte en betaamlike persoon op grond van enige besondere bekwaamheid of ondervinding of toewyding of dienslewering aan die Namibiese volk, voor of na Onafhanklikheid toe te ken nie.

(7) Persone wat vrywillig afstand doen van hul Namibiese burgerskap deur 'n formele verklaring tot dien effekte te teken, sal hul burgerskap verloor.

(8) Geen bepalinge van die Grondwet sal die Parlement verhinder om wetgewing aan te neem om wette goed te keur nie, wat mag lei tot die verlies van enige persoon se burgerskap na die datum van Onafhanklikheid indien die persoon:

(a) vrywilliglik burgerskap van enige ander land aanvaar het; of

(b) diens gedoen het of aangebied het om diens te doen in die gewapende of veiligheidsmagte van 'n ander land sonder skriftelike toestemming van die Namibiese Regering; of

(c) permanente verblyf aanvaar het in enige ander land vir 'n periode van meer as twee (2) jaar en sonder die skriftelike toestemming van die Regering van Namibië uit Namibië afwesig was.

Geen persoon wat 'n burger is op grond van geboorte of afkoms mag sy burgerskap ontneem word deur sodanige wetgewing nie.

(9) Die Parlement het die reg om verdere wetgewing te formuleer, wat nie teenstrydig is met die huidig Grondwet nie, om die verkryging of verlies van Namibiese burgerskap te reguleer.

# HOOFSTUK 3
# Fundamentele Menseregte en Vryhede

**Artikel 5 – Beskerming van Fundamele Regte en Vryhede**

Die fundamentele regte en vryheid wat in hierdie Hoofstuk beskerm word, moet deur die Uitvoerende, Wetgewende en Regterlike gesag en alle afdelings van die Regering, al sy agentskappe en, waar toepaslik, deur alle natuurlike en regspersone in Namibië gerespekteer en gehandhaaf word. Dit is afdwingbaar deur die howe op die wyse soos deur die Grondwet voorgeskryf.

**Artikel 6 - Beskerming van Lewe**

Die reg om te lewe moet gerespekteer en beskerm word. Geen wet mag die doodstraf as ’n toepaslike straf voorskryf nie. Geen hof of tribunaal het die mag om die doodstraf aan enige persoon op te lê nie. Geen teregstellings mag in Namibië plaasvind nie.

**Artikel 7 – Beskerming van Vryheid**

Niemand mag van sy/haar persoonlike vryheid ontneem word nie, behalwe ooreenkomstig die voorskrifte wat die reg bepaal.

**Artikel 8 - Respek vir Menswaardigheid**

(1) Die waardigheid van alle persone is onskendbaar.

(2) (a) Die respek vir die menswaardigheid van alle inwoners moet in enige regsproses of enige ander verrigtinge voor enige afdeling van die Staat en tydens die toepassing van ’n straf gewaarborg wees.

(b) Geen persoon sal onderwerp word of blootgestel word aan marteling of wreedaardige, onmenslike of vernederende behandeling of straf nie.

**Artikel 9 - Slawerny en Dwangarbeid**

(1) Niemand mag in slawerny of knegskap aangehou word nie.

(2) Daar mag van niemand verwag word om dwangarbeid te verrig nie.

(3) Vir die doeleindes van hierdie Artikel, sluit die uitdrukking “dwangarbeid” die volgende uit:

(a) enige arbeid wat voorgeskryf is as ’n vonnis of ’n hofbevel;

(b) enige arbeid wat tydens wettige aanhouding vereis word, al is dit nie ’n vereiste ingevolge ’n vonnis of ’n hofbevel nie, as dit redelikerwys nodig is in belang van higiëne;

(c) enige arbeid wat vereis word van lede van die Weermag, die Polisiemag en die Gevangenisdiens in uitvoering van hulle bepaalde pligte, of in die geval van persone wat gewetensbesware het om in die Weermag te dien, enige arbeid wat regtens van hulle vereis word in die plek van sodanige diensplig;

(d) enige arbeid wat vereis word ten tye van ’n openbare noodtoestand of in geval van enige ander noodtoestand of ramp wat die lewens of welstand van die gemeenskap bedreig, tot so ’n mate wat sodanige arbeid redelik geregverdig kan word onder die omstandighede of enige omstandighede wat voortspruit of bestaan tydens hierdie tydperk, of as gevolg van enige ander noodtoestand of ramp, met die doel om hierdie omstandighede te hanteer;

**(e)** enige arbeid wat redelikerwys vereis word as deel van redelike en normale gemeenskaps- of ander burgerlike verpligtinge.

**Artikel 10 - Gelykheid en Vryheid teen Diskriminasie**

(1) Almal is gelyk voor die reg.

(2) Daar mag teen niemand gediskrimineer word op gronde van geslag, ras, kleur, etniese oorsprong, godsdiens, geloofsbelydenis of sosiale of ekonomiese status nie.

**Artikel 11 – Inhegtenisneming en Aanhouding**

(1) Geen persone mag onderwerp word aan willekeurige inhegtenisneming of aanhouding nie.

(2) Niemand wat in hegtenis geneem is, mag aangehou word sonder om so spoedig moontlik in ’n taal wat hulle verstaan, in kennis gestel te word van die redes vir arrestasie nie.

(3) Alle persone wat in hegtenis geneem is en aangehou word, moet binne ’n tydperk van agt-en-veertig (48) uur na hul inhegtenisneming voor die naaste landdros of geregtelike amptenaar verskyn of, indien dit nie redelikerwys moontlik is nie, so gou as moontlik daarna. Geen persoon mag na hierdie tydperk aangehou word sonder die magtiging van ’n landdros of geregtelike amptenaar nie.

(4) Geen bepaling van Sub-Artikel (3) is van toepassing op onwettige immigrante, wat in aanhouding is ingevolge enige wet wat van toepassing is op onwettige immigrasie nie: met dien verstande dat sulke persone nie uit Namibië gedeporteer mag word nie, tensy die deportasie gemagtig is deur 'n tribunaal met regsbevoegdheid om sodanige besluite te neem.

(5) Geen persoon wat in hegtenis geneem is en aangehou word as 'n onwettige immigrant, sal die reg ontsê word om vertroulik met n regsverteenwoordiger van sy keuse te konsulteer nie. Daar mag geensins met hierdie reg ingemeng word nie, behalwe wanneer in ooreenstemming is met die wetgewing wat noodsaaklik is in 'n demokratiese samelewing en in die belang van nasionale sekuriteit of openbare veiligheid.

**Artikel 12 - Regverdige Verhoor**

(1) (a) In die vasstelling van burgerlike regte en verpligtinge of enige strafregtelike klagte teen enigiemand, is alle persone geregtig op 'n regverdige en openbare verhoor deur 'n onafhanklike, onpartydige en bevoegde hof of tribunaal wat regtens tot stand gebring is: met dien verstande dat die pers en/of die publiek van alle of net sekere gedeeltes van die verhoor uitgesluit mag word vir redes in belang van morele waardes, openbare orde of nasionale veiligheid, soos verlang deur 'n demokratiese samelewing.

(b) 'n Verhoor, soos beskryf in Sub-Artikel (a), moet binne 'n redelike tydperk plaasvind. Indien nie moet die beskuldigde vrygelaat word.

(c) Uitspraak in strafregtelike verhore sal in die openbaar geskied, behalwe waar die belange van jeugdiges of algemene morele waardes anders bepaal.

(d) Alle persone wat van 'n bepaalde misdryf aangekla word, word geag onskuldig te wees totdat hulle skuld regtens bewys is, nadat hulle die geleentheid gebied is om getuies te roep en die wat teen hulle getuig het, onder kruisverhoor te neem.

(e) Alle persone sal genoeg tyd en die nodige fasiliteite gegun word vir die voorbereiding en aanbieding van hul verdediging, voor die aanvang en gedurende hul verhoor. Hulle sal geregtig wees om verdedig te word deur 'n regspraktisyn van hul keuse.

(f) Niemand mag gedwing word om getuienis teen hulself of hul gades te lewer nie, insluitende gades in huwelike deur gewoontereg en geen hof mag getuienis toelaat wat teen sodanige persone verkry is deur 'n skending van die bepalinge van Artikel 8(2)(b) nie.

(2) Niemand mag weer verhoor, skuldig bevind of gestraf word vir enige misdaad waarvoor hulle reeds regtens skuldig bevind is of reeds vrygespreek is nie: met dien verstande dat niks in hierdie Sub-Artikel uitgelê sal word as verandering van die gemeenregtelike verwere van "vorige vryspraak" en "vorige skuldigbevinding" nie.

(3) Niemand mag verhoor word of skuldig bevind word vir enige strafregtelike oortreding of op grond van enige handeling of versuim wat nie 'n strafregtelike oortreding was toe dit gepleeg is nie en geen straf mag opgelê word wat die straf oorskry wat van toepassing was toe die misdaad gepleeg is nie.

**Artikel 13 - Privaatheid**

(1) Niemand mag persone se reg op privaatheid in hul huise, ten opsigte van hul korrespondensie of kommunikasie skend nie, behalwe wanneer in ooreenstemming met wetgewing en soos nodig geag binne 'n demokratiese samelewing of in die belang van nasionale sekuriteit, openbare veiligheid of ekonomiese welstand van die land, vir die beskerming van gesondheid of morele waardes, vir die voorkomming van wanorde of misdaad of vir die beskerming van regte of vryheid van ander.

(2) Visintering van persone of wonings van indiwidue is slegs geregverdig:

(a) waar dit gemagtig is deur 'n bevoegde geregtelike amptenaar;

(b) in gevalle waar die vertraging om sodanige geregtelike magtiging te kry, die gevaar inhou dat die doel van die visintering of openbare belang benadeel sal word en dat bepaalde prosedures soos deur Parlementêre wetgewing voorgeskryf om misbruik te voorkom, behoorlik nagekom is.

**Artikel 14 – Die Gesin**

(1) Volwasse mans en vrouens het die reg om, sonder enige beperkings van ras, kleur, etniese oorsprong, nationaliteit, godsdiens, geloofsbelydenis, sosiale of ekonomiese status te trou en 'n gesin te

begin. Hulle is geregtig op gelyke regte om in die huwelik te tree, ten tye van die huwelik en by die ontbinding van die huwelik.

(2) Die huwelik mag alleenlik bevestig word tussen vrye, voorgenome gades wat albei toestemming verleen.

(3) Die gesin is die natuurlikste fundamentele kerngroep van die samelewing en is geregtig op beskerming deur die samelewing en die Staat.

**Artikel 15 - Kinderregte**

(1) Kinders is van geboorte af geregtig op ’n naam, ’n nasionaliteit en, onderworpe aan wetgewing wat daargestel is in die beste belang van die kind, sover moontlik geregtig om te weet wie hulle ouers is en om deur hulle ouers versorg te word.

(2) Kinders is geregtig op beskerming teen ekonomiesie uitbuiting en mag nie in diens geneem word nie. Daar mag nie van kinders verwag word om enige werk te verrig wat met hul onderrig sal inmeng, of skadelik is vir hulle gesondheid of fisiese, verstandelike, geestelike, morele of sosiale ontwikkeling nie. Vir die doel van hierdie Sub-Artikel is alle persone onder die ouderdom van sestien (16) jaar, kinders.

(3) Geen kinders onder die ouderdom van veertien (14) jaar mag arbeid in enige fabriek of myn verrig nie, behalwe onder toestande en omstandighede wat deur Parlementêre wetgewing gereguleer word. Niks in hierdie Sub-Artikel mag in enige vorm ontleed word as ’n inkorting van Sub-Artikel (2) nie.

(4) Enige reëling of program op enige plaas of ander onderneming, waar die minderjarige kinders van die werknemer verplig word om arbeid vir die werkgewer te verrig en waar dit in belang van die werkgewer is, sal vir die doeleindes van Artikel (9) as gedwonge arbeid gesien word.

(5) Geen wet mag voorsiening maak vir die aanhouding van minderjarige kinders onder die ouderdom van sestien (16) jaar nie.

**Artikel 16 – Eiendom**

(1) Alle persone het die reg om in enige deel van Namibië, alle vorme van vaste of roerende bates te bekom, te besit of te verhandel, individueel of in samewerking met ander persone, om sulke bates te

bemaak aan hulle erfgename of legatarisse, met dien verstande dat die Parlement wetgewing kan aanvaar om die reg om bates aan te skaf deur persone wat nie Namibiese burgers is nie, te verbied of te reguleer soos die Parlement dit goeddink.

(2) Die Staat, of ’n bevoegde liggaam of afdeling wat regtens daartoe gemagtig is, kan enige eiendom onteien as dit in openbare belang is, maar is onderhewig aan die betaling van ’n billike vergoeding ooreenkomstig voorwaardes en prosedures wat deur Parlementêre wetgewing bepaal word.

**Artikel 17 – Politieke Bedrywighede**

(1) Alle burgers het die reg om deel te neem aan vreedsame politieke bedrywighede wat daarop gerig is om die samestelling en beleidrigtings van die Regering te beïnvloed. Alle burgers het die reg om politieke partye te stig of by politieke partye aan te sluit, onderworpe aan vereistes soos voorgeskryf deur wetgewing en nodig vir ’n demokratiese samelewing, ook om deel te neem aan debatte rakende openbare aangeleenthede, hetsy direk of deur vrye, verkose verteenwoordigers.

(2) Alle burgers wat die ouderdom van agtien (18) jaar bereik het, is geregtig om te stem en die wat die ouderdom van een-en-twintig (21) jaar bereik het, mag tot ’n openbare amp verkies word tensy anders hierin bepaal.

(3) Die regte wat in bogenoemde Sub-Artikel (2) gewaarborg word, mag deur die Parlement herroep, opgeskort of ingeperk word ten opsigte van spesifieke kategorieë van persone en op grond van ongeskiktheid, openbare belang of moraliteit soos verlang deur ’n demokratiese samelewing.

**Artikel 18 - Administratiewe Geregtigheid**

Administratiewe liggame en administratiewe amptenare moet regverdig en billik optree en voldoen aan die vereistes wat vir sulke liggame en amptenare bepaal word deur die gemene reg en relevante wetgewing. Persone wat deur die wanuitoefening van sulke handelinge en besluite benadeel word, het die reg om voor ’n hof of tribunaal te verskyn om die skade te herstel.

**Artikel 19 – Kultuur**

Elke persoon het die reg om enige kultuur, taal, tradisie of godsdiens te geniet, te beoefen, te bely, te onderhou en te bevorder in terme van die Grondwet, maar is verder onderworpe aan die voorwaarde, dat die regte wat deur hierdie Artikel beskerm word, nie sal inbreuk maak op ander se regte of nasionale belang nie.

**Artikel 20 – Onderwys**

(1) Alle persone is geregtig op onderwys.

(2) Primêre onderrig is verpligtend en die Staat moet redelike fasiliteite voorsien om hierdie reg aan elke inwoner in Namibië te bied, deur staatskole op te rig en in stand te hou waar primêre onderrig gratis voorsien word.

(3) Kinders mag nie toegelaat word om skool te verlaat voordat hulle hul primêre onderrig voltooi het of die ouderdom van sestien (16) jaar bereik het nie, wat ook al eerste mag wees, behalwe wanneer dit deur Parlementêre wetgewing gemagtig word weens gesondheidsredes of ander oorwegings in openbare belang.

(4) Alle persone het die reg om, op eie onkoste, private skole, kolleges of ander tersiêre onderwysinrigtings op te rig en te onderhou, mits:

(a) sulke skole, kolleges en tersiêre onderwysinrigtings geregistreer is by ’n Ministerie ooreenkomstig wetgewing wat sodanige registrasie magtig en reguleer;

(b) die standaarde wat by sulke skole, kolleges of tersiêre onderwysinrigtings gehandhaaf word nie laer is as die standaarde in ooreenstemmende skole, kolleges of tersiêre onderwysinrigtings wat deur die Staat gefinansier word nie;

(c) geen beperkings van enige aard opgelê word met betrekking tot die toelating van leerlinge gebaseer op ras, kleur of geloofsbelydenis nie.

(d) geen beperkings van enige aard word opgelê met betrekking tot die werwing van personeel gebaseer op ras of kleur nie.

**Artikel 21 - Fundamentele Vryhede**

(1) Alle persone het die reg:

(a) tot vryheid van spraak en meningsuiting, wat persvryheid en ander mediavryhede insluit;

(b) tot vryheid van denke, gewete en geloof, wat akademiese vryheid in inrigtings van hoër onderwys insluit;

(c) tot vryheid om enige godsdiens te beoefen en om sodanige geloof prakties uit te leef;

(d) om vreedsaam en ongewapend byeen te kom;

(e) tot vryheid van assosiasie, wat insluit die vryheid om verenigings of unies te stig of daarby aan te sluit, insluitende vakbonde en politieke partye;

(f) om hul arbeid te weerhou sonder om blootgestel te word aan kriminele strawwe;

(g) om vryelik in Namibië te beweeg;

(h) om op enige plek in Namibië te woon en daar te vestig;

(i) om Namibië te verlaat en terug te keer;

(j) om enige beroep, ambag, handel of besigheid te beoefen.

(2) Die fundamentele vryhede waarna verwys word in Sub-Artikel (1), moet egter uitgeoefen word ooreenkomstig Namibiese wetgewing, waar sulke wetgewing redelike beperkinge mag plaas op die uitoefening van hierdie regte en vryhede wat ooreenkomstig genoemde Sub-Artikel verleen word, beperkinge soos wat in 'n demokratiese samelewing noodsaaklik is en in die belang van die soewereiniteit en integriteit van Namibië, die nasionale veiligheid, openbare orde, ordentlikheid of moraliteit, of beperkinge met betrekking tot minagting van die hof, laster of aanhitsing tot 'n misdaad, vereis word.

**Artikel 22 – Beperkings op Fundamentele Regte en Vryhede**

Waar of wanneer ookal ooreenkomstig hierdie Grondwet enige fundamentele regte of vryhede wat in hierdie hoofstuk verleen word, toegelaat word, moet enige wet wat die beperking goedkeur:

(a) algemeen toegepas word, nie die wesenlike inhoud daarvan weerspreek nie, en nie gemik wees op 'n sekere indiwidu nie;

(b) die bepaalde omvang van so beperking in besonderhede noem en die Artikel of Artikels identifiseer waarop die magtiging om so beperking toe te laat, berus.

**Artikel 23 - Apartheid en Regstellende Aksie**

(1) Die praktyk van rassediskriminasie en die praktyk en ideologie van apartheid, waaronder die meerderheid van die Namibiese bevolking vir so lank gely het, en propaganda vir sulke praktyke, kan deur Parlementêre wetgewing krimineel strafbaar gemaak word deur gewone howe by wyse van 'n straf wat deur die Parlement nodig geag word om die afkeer van die Namibiese bevolking uit te druk.

(2) Geen bepaling van Artikel (10) sal die Parlement verhinder nie om wetgewing te formuleer wat direk of indirek voorsiening maak vir die bevordering van persone in Namibië wat sosiaal, ekonomies of opvoedkundig benadeel is deur diskriminerende wette of gebruike, of vir die implementering van beleid en programme wat daarop gerig is om sosiale, ekonomiese of opvoedkundige wanbelanse in die Namibiese samelewing aan te spreek, wat veroorsaak is deur vorige diskriminerende wette of gebruike, of om 'n gebalanseerde struktuur binne die Staatsdiens, Polisiemag, Weermag en Gevangenisdiens te skep.

(3) Wanneer wetgewing aangeneem word en staatsbeleid en praktyke toegepas word soos in Sub-Artikel (2) beoog, is dit geoorloof om die feit in ag te neem dat Namibiese vroue tradisioneel onder besondere diskriminasie gely het en dat dit nodig is om hulle aan te moedig en in staat te stel om 'n volle, gelyke en effektiewe rol in die politieke, sosiale, ekonomiese en kulturele lewe van die nasie te speel.

**Artikel 24 – Inkorting**

(1) Geen bepaling van Artikel 26 en niks wat daarvolgens gedoen word, is onverenigbaar of strydig met hierdie Grondwet nie, der mate dit magtiging verleen om op te tree tydens enige tydperk wat Namibië in 'n staat van nasionale verdediging is of enige tydperk wanneer 'n noodtoestand ooreenkomstig die Grondwet geld.

(2) Indien iemand aangehou word in terme van magtiging waarna Sub-Artikel (1) verwys, geld die volgende bepalinge:

(a) hulle moet so gou as wat prakties en redelik moontlik is, maar in elk geval nie meer as vyf (5) dae na die aanvang van hul aanhouding nie, van 'n skriftelike verklaring wat die redes vir hulle aanhouding uiteensit in 'n taal wat hulle verstaan,

voorsien word, en op hul versoek moet hierdie verklaring aan hulle voorgelees word;

(b) nie langer nie as veertien (14) dae na die aanvang van hulle aanhouding, moet daar 'n kennisgewing in die Staatskoerant gepubliseer word waarin bevestig word dat hulle in aanhouding is en waarin besonderhede van die bepalinge van die wet waaronder hul aanhouding gemagtig word, bekend gemaak word;

(c) hulle sake moet deur die Adviesraad waarna in Artikel 26(5)(c) verwys word, hersien word, nie later as een (1) maand na die aanvang van hulle aanhouding nie en daarna ten tye van hul aanhouding met tussenposes van nie meer as drie (3) maande nie, wat hul vrylating uit aanhouding moet beveel indien die Raad oortuig is dat dit nie redelik noodsaaklik vir die doeleindes van die noodtoestand is om sulke persone langer aan te hou nie;

(d) hulle moet die geleentheid gegun word om vertoë te rig soos wat in die bepaalde geval wenslik of raadsaam mag wees, met inagneming van openbare belang en die belange van die aangehoudenes.

(3) Geen bepaling van hierdie Artikel mag die inkorting of opskorting van die fundamentele regte en vryhede waarna in Artikels 5, 6, 8, 9, 10, 12, 14, 15, 18, 19 en 21(1)(a), (b), (c) en (e) verwys word, of die weiering van persone se toegang tot regspraktisyns of 'n geregshof, toelaat nie.

**Artikel 25 – Afdwingbaarheid van Fundamentele Regte en Vryhede**

(1) Behalwe wanneer die Parlement of enige ondergeskikte wetgewende gesag deur die Grondwet daartoe gemagtig is, mag die Parlement of enige ondergeskikte wetgewende gesag geen wet maak nie, en mag die uitvoerende gesag en die agentskappe van die Regering geen handeling uitvoer wat die fundamentele regte en vryhede verleen ooreenkomstig hierdie hoofstuk, afskaf of inkort nie. Enige wet of handeling wat teenstrydig hiermee is, is ongeldig vir soverre dit 'n teenstrydigheid is: met dien verstande dat:

(a) 'n bevoegde hof, in plaas daarvan om so 'n wet of handeling ongeldig te verklaar, in 'n toepaslike geval die bevoegdheid en

die diskressie kan hê om die Parlement, enige ondergeskikte wetgewende gesag, of die uitvoerende gesag en die agentskappe van die Regering, na gelang van die geval, toe te laat om enige gebreke in die aanvegbare wet of handeling binne 'n vasgestelde tyd reg te stel, onderworpe aan voorwaardes wat die hof mag voorskryf. In so geval en totdat sodanige regstelling gemaak is, of tot die verstryking van die sperdatum soos deur die hof bepaal, watter een ook al die kortste is, is sodanige aanvegbare wet of handeling geldig;

(b) enige wet wat van krag was onmiddellik voor die datum van Onafhanklikheid, bly van krag totdat dit gewysig, herroep of ongrondwetlik verklaar is. Indien 'n bevoegde hof van mening is dat sodanige wet ongrondwetlik is, kan die hof die wet tersyde stel of die Parlement toelaat om enige gebrek in die wet te korrigeer, in welke geval die bepalinge van Sub-Artikel (a) sal geld.

(2) Benadeelde persone wat beweer dat 'n fundamentele reg of vryheid wat ingevolge die Grondwet gewaarborg word, geskend of bedreig is, is geregtig om 'n bevoegde hof te nader om so reg of vryheid af te dwing of te beskerm. Die Ombudsman kan genader word om hulle met regsadvies of raad te bedien en die Ombudsman het die diskressie om, in antwoord op die versoek, regs- of ander bystand te verleen soos wat hy/sy goeddink.

(3) Onderworpe aan die bepalinge van die Grondwet het die hof waarna in Sub-Artikel (2) verwys word, die gesag om enige bevel te maak wat nodig en toepaslik is om te verseker dat die applikant die regte en vryhede kan geniet wat die Grondwet aan hom/haar verleen, indien die hof tot die gevolgtrekking kom dat die regte en vryhede onregmatig weerhou of geskend is, of dat goeie rede bestaan vir die beskerming van sulke regte en vryhede deur 'n interdik.

(4) Die bevoegdheid van die hof sluit in die magtiging om geldelike vergoeding toe te ken ten opsigte van enige skade wat die benadeelde persone gely het as gevolg van onwettige weiering of skending van hulle fundamentele regte en vryhede, indien die hof sodanige toekenning paslik beskou in bepaalde gevalle.

# HOOFSTUK 4

# Openbare Noodtoestand, Staat van Nasionale Verdediging en Krygswet

**Artikel 26 – Noodtoestand, Staat van Nasionale Verdediging en Krygswet**

(1) Ten tye van 'n nasionale ramp of gedurende 'n staat van nasionale verdediging of openbare noodtoestand wat die lewe van die volk of die grontwetlike orde bedreig, kan die President by wyse van Proklamasie in die Staatskoerant 'n noodtoestand in Namibië of enige gedeelte daarvan afkondig.

(2) 'n Verklaring kragtens Sub-Artikel (1), indien nie herroep word nie, verloor sy regskrag:

(a) indien die verklaring gemaak is tydens 'n sitting van die Nasionale Vergadering of wanneer 'n vergadering belê word, na 'n tydperk van sewe (7) dae na publikasie van die verklaring; of

(b) in enige ander geval, waar 'n tydperk van dertig (30) dae na publikasie van die verklaring verstryk het, tensy dit, voor die verstryking van die tydperk, ooreenkomstig deur 'n twee-derde meerderheidsbesluit van alle lede van die Nasionale Vergadering goedgekeur word.

(3) Onderworpe aan die bepalinge van Sub-Artikel (4), bly 'n verklaring wat deur die Nasionale Vergadering ooreenkomstig Sub-Artikel (2) goedgekeur is, van krag tot die verloop van 'n tydperk van ses (6) maande na goedkeuring of tot 'n vroeër datum wat in die besluit gespesifiseer is. Die Nasionale Vergadering kan egter ingevolge 'n resolusie deur 'n twee-derde meerderheid van al sy lede, die goedkeuring van die verklaring verleng vir 'n periode van hoogstens ses (6) maande per keer.

(4) Die Nasionale Vergadering kan te eniger tyd by wyse van 'n resolusie 'n verklaring, wat die Vergadering ooreenkomstig die Artikel goedgekeur het, herroep.

(5) (a) Tydens 'n noodtoestand ingevolge die Artikel, of wanneer 'n staat van nasionale verdediging bestaan, het die President die mag om by wyse van Proklamasie die nodige regulasies uit te

vaardig wat volgens hom/haar nodig is vir die beskerming van nasionale en openbare veiligheid en die handhawing van wet en orde.

(b) Die bevoegdhede van die President om regulasies uit te vaardig, sluit die bevoegdheid in om die werking van enige reël van die gemeenregtelike of statutêre reëls of enige fundamentele reg of vryheid wat deur die Grondwet beskerm word, vir 'n tydperk, onderworpe aan sodanige redelik regverdigbare voorwaardes, op te skort met die doel om die aangeleentheid wat aanleiding gegee het tot die noodtoestand, te hanteer. Niks in hierdie Sub-Artikel mag strydig met die bepalinge van Artikel 24 wees nie.

(c) Waar enige regulasie wat uitgevaardig is kragtens Sub-Artikel (b) hierbo, voorsiening maak vir aanhouding sonder verhoor, sal daar ook voorsiening gemaak word vir 'n Adviesraad wat deur die President op aanbeveling van die Regsdienskommissie, aangestel word, bestaande hoogstens uit vyf (5) persone, waarvan minstens drie (3) regters van die Hoogste Hof of Hoërhof moet wees of bevoegd om regters van hierdie howe te wees. Die Adviesraad moet die funksie uitoefen wat in Artikel 24(2)(c) uiteengesit is.

(6) Enige regulasies wat deur die President gemaak is ingevolge die bepalinge van Sub-Artikel (5), sal hulle regskrag verloor indien dit nie binne veertien (14) dae na die datum van die eerste sittingsdag van die Nasionale Vergadering ná die inwerkingtredingsdatum van enige sodanige regulasies deur 'n resolusie van die Nasionale Vergadering goedgekeur word nie.

(7) Die President het die bevoegdheid om krygswet af te kondig of te beëindig. Krygswet kan slegs afgekondig word indien 'n staat van nasionale verdediging waarby 'n ander land betrokke is, bestaan of indien burgeroorlog in Namibië heers. Enige Krygswetproklamasie verloor egter sy regskrag indien dit nie binne 'n redelike tyd deur 'n resolusie van die Nasionale Vergadering, wat met 'n twee-derde meerderheid aanvaar is, goedgekeur word nie.

# HOOFSTUK 5
# Die President

**Artikel 27 – Die Hoof van die Staat en die Regering**

(1) Die President is die Hoof van die Staat en die Regering sowel as die opperbevelhebber van die Weermag.

(2) Die uitvoerende gesag van die Republiek van Namibië berus by die President en die Kabinet.

(3) Tensy andersins bepaal in die Grondwet of deur wetgewing, is die President verplig om sy/haar funksies in oorlegpleging met die Kabinet, uit te oefen.

**Artikel 28 – Verkiesing**

(1) Die President word verkies ooreenkomstig die bepalinge van die Grondwet en onderworpe daaraan.

(2) Die verkiesing van die President vind plaas:

(a) deur regstreekse, algemene en gelyke stemreg; en

(b) ingevolge die beginsels en prosedures wat deur Parlementêre wetgewing bepaal word. Niemand kan tot President verkies word, tensy hy/sy meer as vyftig (50) persent van die stemme wat uitgebring is, ontvang het nie en die nodige aantal verkiesings moet gehou word totdat sodanige resultaat bereik is.

(3) Enige Namibiese burger deur geboorte of afkoms, wat ouer as vyf-en-dertig (35) jaar is en wat kwalifiseer vir verkiesing as ’n lid van die Nasionale Vergadering, is verkiesbaar as President.

(4) Die prosedures wat gevolg moet word vir die nominasie van kandidate vir die verkiesing as President en alle aangeleenthede wat noodsaaklik is vir en verbonde aan ’n vrye, regverdige en doeltreffende verkiesing van ’n President, word bepaal deur Parlementêre wetgewing. Enige geregistreerde politieke party is egter geregtig om ’n kandidaat te nomineer en enige persoon wat ondersteun word deur ’n minimum aantal geregistreerde kiesers, soos deur Parlementêre wetgewing bepaal, is ook geregtig om as kandidaat genomineer te word.

**Artikel 29 – Ampstermyn**

(1) (a) Die President se ampstermyn sal vyf (5) jaar wees tensy hy/sy voor die verstryking van die termyn te sterwe kom of bedank of van sy/haar amp onthef word.

(b) By die ontbinding van die Nasionale Vergadering onder omstandighede waarvoor in Artikel 57(1) voorsiening gemaak word, sal die President se ampstermyn ook beëindig word.

(2) Die President sal uit die amp onthef word indien ’n twee-derde meerderheid van alle lede van die Nasionale Vergadering, bekragtig deur ’n twee-derde meerderheid van al die lede van die Nasionale Raad, ’n resolusie aanvaar wat die President in ’n staat van beskuldiging plaas op grond daarvan dat hy/sy skuldig is aan ’n ernstige oortreding van die Grondwet, of skuldig is aan ’n ernstige oortreding van die landswette, of andersins skuldig is aan growwe wangedrag of onbekwaamheid wat hom/haar ongeskik maak om met waardigheid en eer die amp van President te beklee.

(3) ’n Persoon kan die amp van President vir hoogstens twee (2) termyne beklee.

(4) Indien ’n President sterf, bedank of uit sy amp onthef word ooreenkomstig die Grondwet, sal die vakante amp van President vir die onverstreke tydperk as volg gevul word:

(a) indien die vakature minder as een (1) jaar voor die datum waarop ’n Presidensiële verkiesing gehou moet word, ontstaan, sal die vakature ingevolge die bepalinge van Artikel 34 gevul word;

(b) indien ’n vakature meer as een (1) jaar voor die datum waarop ’n Presidensiële verkiesing gehou moet word, ontstaan, sal ’n verkiesing van die President gehou word ooreenkomstig die bepalinge van Artikel 28 binne ’n tydperk van negentig (90) dae van die datum waarop die vakature ontstaan het en afhangende van die verkiesing, sal die vakante amp ingevolge die bepalings van Artikel 34 gevul word.

(5) Indien die President die Nasionale Vergadering ontbind ooreenkomstig Artikel 32(3)(a) en 57(1), sal ’n nuwe verkiesing vir President ooreenkomstig die bepalinge van Artikel 28 binne negentig (90) dae gehou word en afhangende van sodanige verkiesing, sal die President in sy/haar amp aanbly en sal die bepalinge van Artikel 58 van toepassing wees.

(6) Indien ’n persoon President word ooreenkomstig Sub-Artikel (4) hierbo, sal die tydperk waartydens hy/sy weens sodanige verkiesing of opvolging die amp beklee, nie as ’n termyn vir die doeleindes van Sub-Artikel (3) gereken word nie.

**Artikel 30 – Eed of Bevestiging**

Voordat ’n verkose President die amp formeel aanvaar, moet hy/sy die volgende eed of bevestiging aflê wat deur die Hoofregter of ’n Regter deur die Hoofregter vir dié doel benoem is, afgeneem word:

> *“Ek, ........ , verklaar onder eed/verklaar hiermee plegtig dat ek sal strewe om, na die beste van my vermoë, die hoogste wet, naamlik die Grondwet van die Republiek van Namibië, te handhaaf, te beskerm en te verdedig en om die wette van die Republiek van Namibië getrou te gehoorsaam, uit te voer en te administreer; dat ek die onafhanklikheid, soewereiniteit, territoriale integriteit en die materiële en geestelike hulpbronne van die Republiek van Namibië sal verdedig; en dat ek sal strewe om, na die beste van my vermoë, geregtigheid vir al die inwoners van die Republiek van Namibië te verseker.*
> *(in die geval van ’n eed)*
>
> *So help my God.”*

**Artikel 31 – Immuniteit teen Siviele en Strafregtelike Verhore**

(1) Geen persoon wat die amp van President beklee of sy funksies behartig mag in ’n siviele saak gedagvaar word nie, behalwe waar sulke prosedures betrekking het op ’n handeling gedurende sy/haar termyn as President.

(2) Geen persoon wat die amp van President beklee, mag tydens sy/haar termyn as President van enige strafregtelike misdaad aangekla word nie en is ook nie onderworpe aan die strafregtelike jurisdiksie van enige hof ten opsigte van enige beweerde daad of ’n versuim nie.

(3) Nadat die President sy/haar kantoor ontruim het:

(a) mag geen hof enige siviele saak teen hom/haar aanhoor ten opsigte van enige optrede wat hy/sy in sy/haar hoedanigheid as President uitgevoer het nie;

(b) Siviele of strafhowe het slegs jurisdiksie om gedinge teen die President aan te hoor omtrent ’n handeling of ’n versuim wat

na bewering in sy/haar persoonlike hoedanigheid begaan is ten tye van sy/haar ampstermyn as President, indien die Parlement 'n resolusie aanvaar om hom/haar van sy/haar amp te onthef vir konstitusionele redes en indien 'n verdere resolusie deur die Parlement aanvaar word dat die geding in openbare belang is, ongeag die skade wat dit aan die waardigheid van die amp van die President kan aanrig.

**Artikel 32 - Funksies, Bevoegdhede en Pligte**

(1) As staatshoof moet die President die Grondwet as die hoogste wet erken, handhaaf, beskerm en verdedig en met waardige leierskap alle handelinge uitvoer wat nodig, wenslik, billik en aanverwant is tot sy/haar werksaamhede as die uitvoerende gesag van die Regering. Dit moet ooreenkomstig die bepalinge van die Grondwet en die wette van Namibië toegepas word, waartoe hy/sy konstitusioneel verbind is om te beskerm, te administreer en toe te pas.

(2) Die President en die Kabinet sal elke jaar tydens die oorweging van die amptelike begroting die Parlementsitting bywoon ter erkenning van die uitvoerende gesag se verantwoordelikheid teenoor die wetgewende gesag. Die President sal tydens die sitting die Parlement inlig oor die welstand van die volk en toekomstige beleidsrigtinge van die Regering en terugvoering gee oor die beleidsrigtinge van die vorige jaar. Hy moet ook beskikbaar wees om vrae te beantwoord.

(3) Sonder om afbreuk te doen aan die algemene werksaamhede en bevoegdhede uiteengesit in Sub-Artikel (1), is die President die voorsitter van Kabinetsvergaderings, en het hy/sy die bevoegdheid, onderworpe aan die Grondwet, om:

(a) die Nasionale Vergadering deur Proklamasie ooreenkomstig Artikel 57(1) te ontbind;

(b) die datums en tye van spesiale sittings van die Nasionale Vergadering te bepaal en om sittings te verdaag;

(c) ambassadeurs te akkrediteer, te ontvang en te erken en om ambassadeurs, gevolmagtigdes, diplomatieke verteenwoordigers en ander diplomatieke amptenare, konsuls en konsulêre amptenare aan te stel;

(d) oortreders te begenadig of hulle vonnisse op te skort, hetsy onvoorwaardelik of onderworpe aan voorwaardes soos die President goeddink;

(e) internasionale ooreenkomste te beding en te onderteken en om sulke magte te delegeer;

(f) krygswet af te kondig of, indien nodig vir die verdediging van die volk, 'n staat van nasionale verdediging te verklaar ooreenkomstig Artikel 26(7);

(g) staatsdepartemente en ministeries te skep en te ontbind soos wat die President van tyd tot tyd nodig ag om Namibië effektief te regeer;

(h) eerbewyse aan burgers, inwoners en vriende van Namibië te betoon in oorlegpleging met belanghebbendes, betrokke persone en instellings soos hy/sy dit nodig ag;

(i) Die volgende persone aanstel:

(aa) Die Eerste Minister;

(bb) Ministers en Adjunk-Ministers

(cc) Die Prokureur-Generaal

(dd) Die Direkteur-Generaal van Beplanning

(ee) enige ander persoon of persone wat ooreenkomstig die Grondwet of enige ander wet deur die President aangestel moet word.

(4) Die President het ook die mag ooreenkomstig die Grondwet om die volgende persone aan te stel:

(a) op aanbeveling van die Regsdienskommissie:

(aa) Hoofregter, die Regter-President van die Hoërhof en ander Regters van die Hoogste Hof en Hoërhof;

(bb) die Ombudsman;

(cc) die Aanklaer-Generaal;

(b) op aanbeveling van die Staatsdienskommissie:

(aa) die Ouditeur-Generaal;

(bb) die Goeweneur en Adjunk-Goeweneur van die Sentrale Bank van Namibië;

(c) op aanbeveling van die Veiligheidskommissie:

(aa) die Hoof van die Weermag;

(bb) die Inspekteur-Generaal van die Polisie;

(cc) die Kommisaris van Gevangenisse.

(5) Behoudens die bepalinge van die Grondwet oor die ondertekening van enige wette wat deur die Parlement aanvaar is, en die uitvaardiging en die publikasie van sulke wette in die Staatskoerant, het die President die volgende bevoegdhede:

(a) om enige Proklamasie te teken en uit te vaardig wat hy/sy regtens mag teken en uitvaardig;

(b) om enige wette aan die Nasionale Vergadering voor te lê vir goedkeuring;

(c) om hoogstens ses (6) persone, sonder stemreg, op grond van hulle besondere kundigheid, status, vaardighede of ondervinding aan te stel in die Nasionale Vergadering.

(6) Onderworpe aan die bepalinge van die Grondwet en ander toepaslike wetgewing, kan enige persoon wat deur die President in 'n amp aangestel is deur dieselfde proses uit sy/haar amp afgedank word.

(7) Onderworpe aan die bepalinge van die Grondwet of enige ander toepaslike wetgewing, mag die President, in oorlegpleging met die Kabinet of op aanbeveling van die Staatdienskommissie:

(a) enige amp in die Staatsdiens van Namibië skep, waarvoor regtens geen voorsiening gemaak is nie;

(b) enige persoon aanstel in so 'n amp; en

(c) die dienstermyn en diensvoorwaardes van so 'n persoon bepaal.

(8) Alle aanstellings en handelinge wat in terme van Sub-Artikels (3), (4), (5), (6) en (7) uitgevoer word, sal deur die President deur Proklamasie in die Staatskoerant gepubliseer word.

(9) Onderworpe aan die bepalinge van die Grondwet, kan enige handeling deur die President uitgevoer ingevolge enige bevoegdheid wat hy in terme van hierdie Artikel het, op gepaste wyse hersien, herroep of reggestel word, mits minstens een-derde van die Nasionale Vergadering 'n resolusie wat sodanige handeling afkeur en besluit om dit te hersien, herroep of reg te stel, voorstel 'n twee-derde meerderheid van alle sy lede, aanvaar word,

(10) Enige handeling van die President, wat uitgevoer is in die tydperk voor die hersiening, herroeping of regstelling, ingevolge Sub-Artikel (9) hierbo, sal geldig en wettig wees totdat die Parlement anders besluit.

**Artikel 33 – Vergoeding**

Parlementêre wetgewing sal voorsiening maak vir die vergoeding van die President uit die Staatsinkomstefonds, sowel as pensioenbetalings aan voormalige Presidente en, in die geval van hul afsterwe, aan hul oorlewende gades.

**Artikel 34 – Opvolging**

(1) Indien die amp van President vakant word, of as die President nie in staat is om sy/haar ampspligte na te kom nie, sal die volgende persone, in die volgorde wat die Sub-Artikel bepaal, vir die onverstreke gedeelte van die President se termyn of tot hy/sy in staat is om diens te hervat, wat ookal eerste mag gebeur, as President waarneem:

(a) die Eerste Minister;

(b) die Adjunk-Eerste Minister;

(c) ’n persoon aangestel deur die Kabinet.

(2) Indien dit noodsaaklik of wenslik is dat iemand namens die President waarneem ten tye van tydelike afwesigheid uit die land of as gevolg van werkdruk, kan die President enigiemand soos genoem in Sub-Artikel (1) hierbo, in oorlegpleging met die Kabinet, nomineer om namens hom/haar waar te neem tydens sodanige geleenthede of besondere omstandighede en ’n spesifieke waarnemingstydperk bepaal soos die President volgens sy/haar diskresie wys en wenslik mag beskou.

# HOOFSTUK 6

# Die Kabinet

**Artikel 35 – Samestelling**

(1) Die Kabinet sal bestaan uit die President, Eerste Minister en ander Ministers wat aangestel is deur die President uit die geledere van die Nasionale Vergadering, insluitende die genomineerde lede ingevolge Artikel 46(1)(b), om die werksaamhede van die Regering te administreer en uit te voer.

(2) Die President mag ook ’n Adjunk-Eerste Minister aanstel om funksies wat deur die President of die Eerste Minsiter aan hom/haar opgedra is, te verrig.

(3) Die President, of in sy/haar afwesigheid, die Eerste Minister of enige ander Minister wat deur die President genomineer is, sal voorsit tydens Kabinetsvergaderings.

**Artikel 36 - Werksaamhede van die Eerste Minister**

Die Eerste Minister dien as die leier van staatsaangeleenthede in die Parlement, koördineer die werksaamhede van die Kabinet en bedien die President met raad en bystand in die uitvoering van die Regeringspligte.

**Artikel 37 - Adjunk-Ministers**

Die President kan uit die lede van die Nasionale Vergadering, insluitend genomineerde lede ooreenkomstig Artikel 46(1)(b), en die Nasionale Raad, Adjunk-Ministers aanstel na eie goeddunke. Hulle mag namens Ministers enige bevoegdhede, werksaamhede en pligte wat aan die Ministers opgedra word, verrig.

**Artikel 38 - Eed of Bevestiging**

Alvorens 'n Minister of Adjunk-Minister sy/haar amp aanvaar, moet hy/sy 'n eed of plegtige verklaring aflê en onderteken, in die teenwoordigheid van die President of 'n persoon wat deur die President aangewys is vir hierdie doel, volgens die bewoording soos uiteengesit in Skedule 2.

**Artikel 39 - Mosie van Wantroue**

Die President is verplig om die aanstelling van enige lid van die Kabinet te beëindig indien die Nasionale Vergadering, by wyse van 'n meerderheid van al sy lede, besluit dat hy geen vertroue in die lid meer het nie.

**Artikel 40 - Pligte en Werksaamhede**

Die Kabinetslede sal die volgende funksies uitoefen, naamlik

(a) om die aktiwiteite van die ministeries en staatsdepartemente, insluitend ondernemings onder beheer van die Staat, te bestuur, te koördineer en daaroor toesig te hou en om die wenslikheid en wysheid van enige bestaande ondergeskikte wetgewing, regulasies of riglyne met betrekking tot ondernemings onder beheer van die Staat, te hersien en die President en die Nasionale Vergadering daaroor te adviseer, met behoorlike inagneming van openbare belang;

(b) om wetsontwerpe vir voorlegging aan die Nasionale Vergadering in te lei;

(c) om die begroting van die Staat en sy ekonomiese ontwikkelingsplanne vir die Nasionale Vergadering uiteen te sit, te verduidelik en te evalueer en om daaroor verslag te doen aan die Nasionale Vergadering;

(d) om bepaalde werksaamhede uit te voer wat deur wetgewing aan die lede gegee is of wat bygevoeg is by bepaalde funksies;

(e) om vergaderings van die Nasionale Vergadering by te woon en om beskikbaar te wees vir enige navrae en debatte insake die wettigheid, wysheid, doeltreffendheid en rigting van regeringsbeleid;

(f) om stappe te neem soos deur wetgewing toegelaat en voorgeskryf, om ekonomiese organisasies, inrigtings en ondernemings onder beheer van die Staat, namens die Staat in te stel;

(g) om die doelstellings van Namibië se buitelandse beleid en sy verhoudinge met ander State vir die lede van die Nasionale Vergadering te bepaal, aan hulle te verduidelik en uiteen te sit en om daaroor aan die Nasionale Vergadering verslag te doen;

(h) om die rigting en inhoud van die buitelandse handelsbeleid vir die lede van die Nasionale Vergadering te formuleer, te verduidelik en uiteen te sit en om aan die Nasionale Vergadering daaroor verslag te doen;

(i) om die President by te staan om te bepaal welke internasionale ooreenkomste gesluit, aanvaar of opgevolg moet word en om aan die Nasionale Vergadering daaroor verslag te doen;

(j) om die President oor die staat van nasionale verdediging en die handhawing van wet en orde te adviseer en om die Nasionale Vergadering daaroor in te lig;

(k) om met inagneming van die bepalinge van die Grondwet of enige ander wetgewing, kennisgewings, opdragte en riglyne uit te reik om die mobilisasie en toepassing van wette wat deur die uitvoerende gesag geadministreer word, te vergemaklik;

(l) om oplettend en ferm te bly om te verseker dat die teistering van apartheid, die onderlinge diskriminasie van stamme en kolonialisme, nie weer in enige gedaante in ’n vry en

onafhanklike Namibië voorkom nie en om benadeelde burgers van Namibië, wat histories die slagoffers van hierdie sieklike stelsels was, te beskerm en by te staan;

**Artikel 41 - Ministeriële Aanspreeklikheid**

Alle Ministers moet indiwidueel verantwoordelik wees vir die administrasie van hul eie Ministeries, en gesamentlik vir die administrasie van die werk van die Kabinet, asook hul verantwoordelikhede teenoor die President en die Parlement.

**Artikel 42 - Werk buite die Staat**

(1) Kabinetslede mag tydens hulle ampstermyn geen betaalde beroep bedryf nie, of hulle inlaat by aktiwiteite wat met hul posisies as Ministers bots nie, of hulleself blootstel aan enige situasie waar hulle private bedrywighede kan inmeng met hulle pligte as Ministers nie.

(2) Geen lid van die Kabinet mag sy/haar posisie, of inligting wat vertroulik aan hom/haar as lid van die Kabinet gegee is, gebruik om homself/haarself direk of indirek te verryk nie.

**Artikel 43 - Sekretaris van die Kabinet**

(1) Die President sal ’n Sekretaris van die Kabinet aanstel wat bepaalde funksies moet uitvoer soos deur wetgewing bepaal en sekere pligte wat van tyd tot tyd deur die President of die Eerste Minister aan hom/haar gegee word. Die Sekretaris word, op aanbeveling van die Staatsdienskommissie, aangestel.

(2) Die Sekretaris van die Kabinet dien ook as bewaarder van die rekords, notules en ander noodsaaklike dokumente van die Kabinet.

# HOOFSTUK 7
# Die Nasionale Vergadering

### Artikel 44 - Wetgewende Gesag

Die wetgewende gesag van Namibië berus by die Nasionale Vergadering met die mag om, met die toestemming van die President, wette te maak soos deur die Grondwet bepaal word, met inagneming van die magte en pligte van die Nasionale Raad soos uiteengesit in die Grondwet.

### Artikel 45 - Wese van Verteenwoordiging

Die lede van die Nasionale Vergadering verteenwoordig al die mense en moet in die uitvoering van hul pligte deur die doelstellings van die Grondwet, die openbare belang en hul gewete gelei word.

### Artikel 46 - Samestelling

(1) Die Nasionale Vergadering word as volg saamgestel:

(a) twee-en-sewentig (72) lede wat deur geregistreerde kiesers by wyse van 'n algemene, direkte en geheime stemming verkies word. Elke Namibiese burger wat die voorgeskrewe bevoegdheid het soos in Artikel 17 omskryf word, het die reg om tydens die verkiesing vir lede van die Nasionale Vergadering te stem en mag, met inagneming van Artikel 47, kwalifiseer om as kandidaat vir die Nasionale Vergadering te staan;

(b) hoogstens ses (6) persone wat deur die President aangestel word ooreenkomstig Artikel 32(5)(c), vanweë hulle spesiale kundigheid, status, vaardighede of ondervinding.

Hierdie lede mag geen stemreg in die Nasionale Vergadering hê nie en nie in aanmerking geneem word om enige spesifieke meerderheid te bepaal wat ooreenkomstig die Grondwet of enige ander wet vereis word nie.

(2) Met inagneming van die beginsels in Artikel 49, moet lede van die Nasionale Vergadering soos beskryf in Sub-Artikel (1)(a) verkies word ooreenkomstig die prosedures wat deur Parlementêre wetgewing bepaal word.

**Artikel 47 - Onbevoegdheid van Lede**

(1) Niemand mag lid van die Nasionale Vergadering word as hulle:

(a) ter eniger tyd ná Onafhanklikheid skuldig bevind is aan ’n onwettige oortreding binne Namibië of buite Namibië indien sulke gedrag ’n oortreding in Namibië sou wees, en waarvoor hy/sy ter dood veroordeel of gevangenisstraf toegedien is van meer as twaalf (12) maande sonder die keuse van ’n boete, tensy hulle ’n algehele kwytskelding van straf ontvang het of tensy gevangenisstraf minstens tien (10) jaar voor die datum van hulle verkiesing verstryk het; of

(b) ter eniger tyd voor Onafhanklikheid skuldig bevind is aan ’n onwettige oortreding en die betrokke oortreding strafbaar in Namibië ná Onafhanklikheid sou wees, waarvoor hulle ter dood veroordeel of gevangenisstraf van meer as twaalf (12) maande toegedien is, sonder die keuse van ’n boete, tensy hulle ’n algehele vrystelling van straf ontvang het of tensy die gevangenisstraf minstens tien (10) jaar vóór die datum van hulle verkiesing verstryk het: met dien verstande dat niemand wat ter dood veroordeel is of tot gevangenisstraf gevonnis is vir dade wat verband hou met die stryd om die onafhanklikheid van Namibië, onbevoeg verklaar mag word volgens hierdie Sub-Artikel om as lid van die Nasionale Vergadering verkies te word nie; of

(c) ongerehabiliteerde insolvente is; of

(d) geestelik versteur is en as versteurd deur ’n bevoegde hof verklaar is; of

(e) betaalde lede van die Staatsdiens van Namibië is; of

(f) lede van die Nasionale Raad, Streeksrade, of die Plaaslike Owerhede is.

(2) By die toepassing van Sub-Artikel (1):

(a) mag dit nie aanvaar word dat ’n persoon deur ’n hof skuldig bevind is nie alvorens enige appèl wat teen die skuldigbevinding of straf aangeteken is, beslis is, of die tyd om ’n appèl teen bepaalde skuldigbevinding aan te teken, verstryk het;

(b) sal die Staatsdiens die Weermag, Polisiemag, die Gevangenisdiens, ondernemings onder staatsbeheer, Streeksrade en Plaaslike Owerhede insluit.

**Artikel 48 - Ontruiming van Setel**

(1) Lede van die Nasionale Vergadering moet hul setels ontruim:

(a) as hulle nie meer oor die bekwaamhede beskik wat hulle geskik maak om lede van die Nasionale Vergadering te wees nie;

(b) as die politieke party wat hulle genomineer het om 'n setel in die Nasionale Vergadering te beklee, die Speaker in kennis stel dat lede nie meer lede van sodanige politieke party is nie;

(c) as hulle die Speaker skriftelik van hul bedanking uit hul setels in kennis stel;

(d) as hulle deur die Nasionale Vergadering ontslaan word omdat die Reglement van Orde sodanige ontslag vir goeie en genoegsame redes toelaat of vereis;

(e) as hulle gedurende sittings van die Nasionale Vergadering vir tien (10) opeenvolgende sittingsdae uit die Nasionale Vergadering afwesig is sonder om die nodige spesiale verlof van die Nasionale Vergadering te verkry soos gespesifiseer in die Reglement van Orde.

(2) As die setel van 'n lid van die Nasionale Vergadering ontruim word ingevolge Sub-Artikel (1), mag die politieke party wat sodanige lid genomineer het om hulle in die Nasionale Vergadering te verteenwoordig, die pos vul deur enige persoon op die party se verkiesingslys, wat vir die vorige algemene verkiesing saamgestel is, te nomineer, of indien daar geen geskikte persoon is nie, deur enige lid van die party te nomineer.

**Artikel 49 - Verkiesing**

Die verkiesing van kandidate ingevolge Artikel 46(1)(a) sal ooreenkomstig partylyste plaasvind en in ooreenstemming met die beginsels van proporsionele verteenwoordiging soos vereis word in Skedule 4.

**Artikel 50 - Termyn**

Elke Nasionale Vergadering moet vir 'n maksimum tydperk van vyf (5) jaar dien, maar dit kan voor die verstryking van sy termyn deur 'n Proklamasie van die President, soos in Artikels 32(3)(a) en 57(1) bepaal, ontbind word.

**Artikel 51 - Speaker**

(1) Tydens die eerste sitting van die nuwe Nasionale Vergadering, moet die Vergadering onder voorsitterskap van die Sekretaris, ’n ander lid as Speaker verkies. Die Nasionale Vergadering sal ook nog ’n ander lid as Adjunk-Speaker kies. Die Adjunk-Speaker sal as Speaker optree wanneer die Speaker nie beskikbaar is nie.

(2) Die Speaker of Adjunk-Speaker moet sy/haar posisie opsê as hy/sy ophou om ’n lid van die Nasionale Vergadering te wees. Die Speaker kan by wyse van ’n resolusie van die Nasionale Vergadering uit die amp onthef word of hy/sy kan uit die amp of uit die Nasionale Vergadering bedank deur ’n bedankingsbrief aan die Sekretaris van die Nasionale Vergadering te oorhandig.

(3) Wanneer die amp van Speaker of Adjunk-Speaker vakant word, moet ’n lid van die Nasionale Vergadering verkies word om die pos te vul.

(4) Die Nasionale Vergadering, onder voorsitterskap van die Sekretaris, verkies ’n lid van die Nasionale Vergadering om as Speaker waar te neem wanneer die Speaker of die Adjunk-Speaker nie beskikbaar is nie.

**Artikel 52 - Sekretaris en ander Beamptes**

(1) Met inagneming van die bepalinge van die wette van toepassing op die Staatsdiens en die riglyne van die Nasionale Vergadering, moet die Speaker iemand aanstel (of iemand in die Staatsdiens aanwys wat beskikbaar is vir hierdie doel) as Sekretaris van die Nasionale Vergadering, wat die funksies en pligte moet uitvoer soos deur die Grondwet bepaal word en deur die Speaker aan hom/haar voorgeskryf word.

(2) Met inagneming van die wette wat die beheer oor openbare fondse reguleer, moet die Sekretaris sy/haar funksies en pligte onder toesig van die Speaker uitvoer.

(3) Staatsamptenare moet aan die Nasionale Vergadering beskikbaar gestel word om die Sekretaris by te staan.

**Artikel 53 - Kworum**

Die teenwoordigheid van minstens sewe-en-dertig (37) stemgeregtigde lede van die Nasionale Vergadering, met uitsondering van die Speaker of die voorsittende lid, word benodig as kworum om ’n vergadering van die Nasionale

Vergadering saam te stel vir die uitoefening van sy pligte en die uitvoer van sy werksaamhede.

**Artikel 54 - Beslissende Stem**

Die Speaker of Adjunk-Speaker of die voorsittende lid het ’n beslissende stem en kan dit gebruik in die geval van ’n staking van stemme in die Nasionale Vergadering.

**Artikel 55 - Eed of Bevestiging**

’n Eed of plegtige verklaring moet deur elke lid van die Nasionale Vergadering in die teenwoordigheid van die Hoofregter of ’n Regter wat deur die Hoofregter vir dié doel aangewys is, aflê en onderteken word volgens die bewoording in Skedule 3.

**Artikel 56 - Goedkeuring van Wetsontwerpe**

(1) Elke wetsontwerp wat deur die Parlement aangeneem word om volgens die Grondwet status as ’n wet van die Parlement te verkry, moet toestemming van die President ontvang wat op sy beurt die wetsontwerp onderteken en bekend maak deur publikasie van die wet in die Staatskoerant.

(2) Die President is verplig om ’n wetsontwerp goed te keur wanneer dit deur ’n twee-derde meerderheid van alle lede van die Nasionale Vergadering aangeneem is en deur die Nasionale Raad bekragtig is.

(3) Wanneer ’n wetsontwerp deur ’n meerderheid van die lede van die Nasionale Vergadering aangeneem word, maar die meerderheid bestaan uit minder as twee-derdes van alle lede van die Nasionale Vergadering, en die wetsontwerp wel deur die Nasionale Raad bekragtig is, maar die President weier om die wetsontwerp goed te keur, moet die President sy/haar verskil van mening aan die Speaker openbaar.

(4) Indien die President weier om ’n wetsontwerp ooreenkomstig Sub-Artikel (3) goed te keur, kan die Nasionale Vergadering die wetsontwerp heroorweeg, en indien die Nasionale Vergadering so besluit, sal die wetsontwerp aangeneem word in die vorm waarin dit terugverwys is, of in ’n veranderde vorm, of die Nasionale Vergadering kan weier om die wetsontwerp aan te neem.

Indien die wetsontwerp deur ’n meerderheid van die Nasionale Vergadering aangeneem word, hoef die Nasionale Raad dit nie goed

te keur nie maar, indien die meerderheid uit minder as twee-derdes van alle lede van die Nasionale Vergadering bestaan, behou die President sy/haar mag om nie toestemming tot die wetsontwerp te gee nie.

Indien die President nie die wetsontwerp goedkeur nie, sal dit verval.

**Artikel 57 - Ontbinding**

(1) Die President mag die Nasionale Vergadering, op aanbeveling van die Kabinet, ontbind, indien die Regering nie in staat is om doeltreffend te regeer nie.

(2) Indien die Nasionale Vergadering ontbind word, moet ’n nasionale verkiesing vir ’n nuwe Nasionale Vergadering en vir ’n nuwe President binne ’n tydperk van negentig (90) dae van die datum van ontbinding gehou word.

**Artikel 58 - Verrigting van Werksaamhede na Ontbinding**

Ondanks die bepalings van Artikel 57:

(a) moet elke persoon wat op die dag van die ontbinding van die Nasionale Vergadering ’n lid is, aanbly as lid en die bevoegdheid behou om die werksaamhede van ’n lid uit te voer tot en met die dag, onmiddellik voor die eerste stemdag van die verkiesing, wat ingevolge die ontbinding gehou word;

(b) het die President die mag om die Parlement byeen te roep vir die uitvoering van werksaamhede gedurende die tydperk wat volg op die ontbinding, tot en met die dag onmiddellik voor die eerste stemdag van die verkiesing wat as gevolg van die ontbinding gehou word. Op dieselfde manier en in alle opsigte asof die ontbinding nooit plaasgevind het nie.

**Artikel 59 - Reëls van Prosedures, Komitees en Reglement van Orde**

(1) Die Nasionale Vergadering kan prosedurereëls maak om sy funksies en werksaamhede te verrig. Dit kan ook reëls saamstel vir die daarstelling, funksionering en prosedures van komitees en die formulering van die Reglemente van Orde, soos wat vir die Vergadering wenslik en noodsaaklik is.

(2) Die Nasionale Vergadering moet in sy Prosedurereëls voorsiening maak vir die openbaarmaking van besonderhede wat betrekking

het op die finansies of besigheidsbelange van sy lede soos wat die Vergadering nodig mag vind.

(3) Vir die doeleindes van die uitoefening van sy magte en die uitvoering van sy pligte, het enige komitee van die Nasionale Vergadering, wat volgens Sub-Artikel (1) ingestel word, die mag om persone te dagvaar om voor die Komitee te verskyn, getuienis onder eed af te lê en om enige toepaslike dokumente voor te lê wat deur die Komitee vereis word.

**Artikel 60 - Pligte, Voorregte en Immuniteite van Lede**

(1) Die pligte van die lede van die Nasionale Vergadering is as volg:

(a) Dat alle lede van die Nasionale Vergadering altyd waardig en voorbeeldig die eerbare beeld van die Nasionale Vergadering tydens sittings uitdra, asook tydens hul funksies en aktiwiteite buite die Nasionale Vergadering;

(b) dat alle lede van die Nasionale Vergadering hulself moet sien as verteenwoordigers van die mense van Namibië en hulle weerhou van enige onbehoorlike optrede soos deur hulself te verryk of om hulle van die mense te vervreem.

(2) 'n Private wetsontwerp kan deur 'n lid by die Nasionale Vergadering ingedien word, indien dit deur een-derde meerderheid van alle lede van die Nasionale Vergadering ondersteun word.

(3) Reëls, wat voorsiening maak vir die voorregte en onaantasbaarheid van lede van die Nasionale Vergadering, moet deur wetgewing van die Parlement gemaak word en alle lede moet geregtig wees op die beskerming van hierdie bepaalde reëls.

**Artikel 61 - Openbare Toegang tot Sittings**

(1) Alle vergaderings van die Nasionale Vergadering moet soos voorgeskryf in die openbaar gehou word, met uitsondering van situasies soos aanbeveel in Sub-Artikel (2) en lede van die publiek moet vrye toegang tot vergaderings hê.

(2) Die Nasionale Vergadering kan 'n mosie instel, wat toegang tot lede van die publiek weier volgens Sub-Artikel (1), vir spesifieke tydperke of sake. So'n mosie moet egter deur 'n twee-derde meerderheid van al sy lede ondersteun word. Die mosie mag net oorweeg word as

dit gesteun word deur minstens ’n tiende van al die lede van die Nasionale Vergadering. Lede van die publiek mag nie by hierdie debat teenwoordig wees nie.

**Artikel 62 - Sittings**

(1) Die Nasionale Vergadering moet vergadering hou:

(a) in die normale plek van samekoms soos deur die Nasionale Vergadering bepaal, tensy die Speaker, op grond van openbare belang, veiligheid of gerief, anders sou reël;

(b) vir minstens twee (2) sittings elke jaar, op datums wat van tyd tot tyd deur die Nasionale Vergadering vasgestel word;

(c) vir spesiale sittings soos van tyd tot tyd deur Proklamasie deur die President vereis word.

(2) Sittingstye van die Nasionale Vergadering word bepaal volgens die reëls en Reglement van Orde van die Nasionale Vergadering.

(3) Die President kan die aanvangsdag van enige sittings van die Nasionale Vergadering deur Proklamasie verander, indien hy/sy deur die Speaker, met in agneming van openbare belang of gerieflikheidshalwe, gevra word om dit te doen.

**Artikel 63 - Werksaamhede en Bevoegdhede**

(1) Die Nasionale Vergadering, as die belangrikste wetgewende gesag in en oor Namibië, het, met in agneming van die Grondwet, die mag om vrede, orde en goeie regering in die land te handhaaf deur wette te maak en te herroep in die beste belang van die mense van Namibië.

(2) Die Nasionale Vergadering het verder die bevoegdheid en plig, met inagneming van die Grondwet:

(a) om vir die doeltreffende bestuur en administrasie van die land, begrotings goed te keur;

(b) om voorsiening te maak vir inkomste en belasting;

(c) om stappe te neem, soos wat die Nasionale Vergadering goeddink om die Grondwet en wette van Namibië te gehoorsaam, af te dwing en om die doelstellings van Namibiese Onafhanklikheid te bevorder;

(d) om die voortsetting te oorweeg van internasionale ooreenkomste, wat voor Onafhanklikheid deur administrasies binne Namibië gesluit is en waarin die meerderheid van die Namibiese mense

histories nie demokratiese verteenwoordiging en deelname geniet het nie;

(e) om te besluit oor die bekragtiging van of toetreding tot internasionale ooreenkomste wat ooreenkomstig Artikel 32(3)(e) beding en onderteken is;

(f) om verslae van die werksaamhede van die uitvoerende gesag, insluitende ondernemings wat deur die Staat beheer word, te ontvang en om van tyd tot tyd senior amptenare te versoek om voor enige van die komitees van die Nasionale Vergadering te verskyn om verantwoording te doen oor sy/haar bedrywighede en programme;

(g) om'n referendum oor aangeleenthede van nasionale belang voor te stel, goed te keur of 'n besluit te neem;

(h) om enige aangeleentheid waaroor die President ingevolge die Grondwet gesag het om te behartig, te debateer en om die President daaroor te adviseer;

(i) om oplettend en ferm te bly om te verseker dat die teistering van apartheid, die onderlinge diskriminasie van stamme en kolonialisme nie weer in enige gedaante in 'n vry en onafhanklike Namibië voorkom nie. Ook, om benadeelde burgers van Namibië, wat histories die slagoffers van hierdie sieklike stelsels was, te beskerm en by te staan;

(j) om oor die algemeen enige ander funksies en bevoegdhede wat deur die Grondwet of enige ander wet aan die Vergadering opgedra is, asook enige ander toevallige funksies wat daarmee verband hou, uit te oefen.

**Artikel 64 - Weerhouding van Presidensiële Goedkeuring**

(1) Met inagneming van die bepalinge van die Grondwet is die President geregtig om sy/haar goedkeuring van 'n wetsontwerp, wat deur die Nasionale Vergadering aanvaar is, te weerhou, met veronderstelling dat die wetsontwerp, na die President se mening, by aanvaarding strydig met die bepalinge van die Grondwet sou wees.

(2) Indien die President sy/haar goedkeuring weerhou op grond van so 'n mening, moet hy/sy die Speaker in kennis stel, wat dan die Nasionale Vergadering daarvan in kennis stel, asook die Prokureur-Generaal, wat dan die nodige stappe kan neem om die aangeleentheid vir beslissing voor 'n bevoegde hof te lê.

(3) Indien sodanige hof sou beslis dat sodanige wetsontwerp nie strydig met die bepalinge van hierdie Grondwet is nie, moet die President genoemde wetsontwerp goedkeur mits dit deur 'n twee-derde meerderheid van al die lede van die Nasionale Vergadering aangeneem is. Indien die wetsontwerp nie met so 'n meerderheid aangeneem is nie, kan die President sy/haar goedkeuring weerhou, in welke geval die bepalinge van Artikel 56(3) en (4) van toepassing is.

(4) Indien die bevoegde hof sou beslis dat die betwiste wetsontwerp strydig met enige bepaling van die Grondwet is, verval die wetsontwerp en die President mag dit nie goedkeur nie.

**Artikel 65 - Ondertekening en Registrasie van Wette**

(1) Wanneer enige wetsontwerp 'n wet van die Parlement geword het deurdat die Parlement dit aangeneem het en dit deur die President onderteken en in die Staatskoerant gepubliseer is, moet die Sekretaris van die Nasionale Vergadering, sonder versuim, twee (2) skoon eksemplare van sodanige wet in die Engelse taal, by die kantoor van die Griffier van die Hoogste Hof op leêr plaas. Sodanige eksemplare sal as afdoende bewys van die bepalinge van die wet dien.

(2) Die publiek het die reg van toegang tot sodanige eksemplare, egter onderworpe aan enige regulasies wat die Parlement mag voorskryf om die duursaamheid van genoemde eksemplare en die gerief van die Griffier se personeel te beskerm.

**Artikel 66 - Gewoontereg en Gemenereg**

(1) Sowel die gewoontereg en die gemenereg van Namibië, wat op die dag van Onafhanklikheid van krag is, bly geldig tot die mate waarin sodanige gewoontereg of gemenereg nie strydig met die Grondwet of enige ander statutêre verordening is nie.

(2) Onderworpe aan die bepalinge van hierdie Grondwet, kan enige deel van sodanige gewoontereg of gemenereg deur Parlementêre wetgewing herroep of gewysig word, en die toepassing daarvan kan beperk word tot sekere dele van Namibië of tot spesifieke tydperke.

**Artikel 67 - Vereiste Meerderhede**

Onderworpe aan die bepalinge van die Grondwet, kan enige wetsontwerp of besluit deur 'n eenvoudige meerderheid van die stemme uitgebring in die Nasionale Vergadering, aanvaar word.

# HOOFSTUK 8

# Die Nasionale Raad

### Artikel 68 - Instelling

Daar sal'n Nasionale Raad wees wat die bevoegdhede en werksaamhede het soos in hierdie Grondwet uiteengesit is.

### Artikel 69 - Samestelling

(1) Die Nasionale Raad bestaan uit twee (2) lede van elke streek, soos in Artikel 102 bepaal, wat deur die Streeksraad van so 'n streek uit die geledere van sy lede verkies word.

(2) Die verkiesing van lede van die Nasionale Raad word gehou in terme van prosedures wat deur 'n wet van die Parlement voorgeskryf word.

### Artikel 70 - Ampstermyn van lede

(1) Lede van die Nasionale Raad behou hul setels vir ses (6) jaar van die datum van hul verkiesing en kan vir herverkiesing oorweeg word.

(2) Wanneer 'n setel van die Nasionale Raad vakant raak as gevolg van die afsterwe, bedanking of onbekwaamheid van 'n lid, moet 'n verkiesing vir 'n opvolger gehou word om die vakante setel tot die verstryking van die ampstermyn van die voorganger, te vul, behalwe as sodanige vakature minder as ses (6) maande voor die verstryking van die termyn van die Nasionale Raad ontstaan. In so geval hoef die vakature nie gevul te word nie. Sodanige verkiesing moet gehou word ooreenkomstig die prosedures voorgeskryf deur Parlementêre wetgewing waarna verwys word in Artikel 69(2) hierbo.

### Artikel 71 - Eed of Bevestiging

Elke lid van die Nasionale Raad moet 'n eed of plegtige bevestiging voor die Hoofregter of 'n Regter, wat deur die Hoofregter vir dié doel aangewys is, aflê en onderteken, volgens die bewoording uiteengesit in Skedule 3.

### Artikel 72 - Kwalifikasies van Lede

Niemand is bevoeg om 'n lid van die Nasionale Raad te wees indien hy/sy 'n verkose lid van 'n Plaaslike Owerheid is nie en tensy hy/sy ooreenkomstig Artikel 47(1)(a) tot (e) kwalifiseer om 'n lid van die Nasionale Vergadering te wees nie.

**Artikel 73 - Voorsitter en Ondervoorsitter**

Die Nasionale Raad moet, voordat hy enige ander sake hanteer, 'n Voorsitter en 'n Ondervoorsitter uit sy lede kies. Die Voorsitter, of in sy/haar afwesigheid die Ondervoorsitter, dien by alle sittings van die Nasionale Raad as Voorsitter. Indien die Voorsitter en die Ondervoorsitter by 'n sitting afwesig is, moet die Nasionale Raad 'n ander lid kies om as Voorsitter waar te neem.

**Artikel 74 - Bevoegdhede en Werksaamhede**

(1) Die Nasionale Raad het die mag om:

(a) alle wetsontwerpe wat deur die Nasionale Vergadering aanvaar is, ingevolge Artikel 75 te oorweeg;

(b) enige ondergeskikte wetgewing, verslae en dokumente wat regtens aan die Nasionale Vergadering voorgelê moet word en wat vir advies deur die Nasionale Vergadering na die Raad verwys is, te ondersoek en daaroor aan die Nasionale Vergadering verslag te doen;

(c) wetgewing oor aangeleenthede, in die belang van streke, vir voorlegging aan en oorweging deur die Nasionale Vergadering aan te beveel;

(d) enige ander werksaamhede wat deur die Nasionale Vergadering of deur Parlementêre wetgewing aan die Raad opgedra word, uit te voer.

(2) Die Nasionale Raad het die gesag om komitees te stig en sy eie reëls en prosedures vir die uitoefening van sy pligte en die uitvoer van sy funksies te aanvaar. 'n Komitee van die Nasionale Raad het die reg om alle verhore te hou en bewyse te versamel wat nodig is vir die uitvoering van die Nasionale Raad se pligte van hersiening en ondersoeke, soos vir dié doel aangehaal in Artikel 59(3).

(3) Die Nasionale Raad moet in sy reëls en prosedures voorsiening maak vir die openbaarmaking van besonderhede wat betrekking het op die finansies of besigheidsbelange van sy lede, soos wat die Raad nodig mag vind.

(4) Die pligte van die lede van die Nasionale Raad is as volg:

(a) dat alle lede van die Nasionale Raad die waardigheid en beeld van die Nasionale Raad moet handhaaf, gedurende die sittings

van die Nasionale Raad en in hul optrede en werksaamhede buite die Nasionale Raad;

(b) dat alle lede van die Nasionale Raad hulself moet sien as dienaars van die mense van Namibië en hulle moet weerhou van enige onbehoorlik optredes soos deur hulself te verryk of om hulle van die mense te vervreem.

(5) Reëls wat voorsiening maak vir die voorregte en onaantasbaarheid van lede van die Nasionale Raad, moet deur Parlementêre wetgewing gemaak word en alle lede moet geregtig wees op die beskerming van dié bepaalde reëls.

**Artikel 75 - Hersiening van Wetgewing**

(1) Alle wetsontwerpe wat deur die Nasionale Vergadering aanvaar is, moet deur die Speaker na die Nasionale Raad verwys word.

(2) Die Nasionale Raad moet wetsontwerpe, wat ooreenkomstig Subartikel (1) na die Raad verwys is, oorweeg en moet verslae met aanbevelings aan die Speaker voorlê.

(3) Indien die Nasionale Raad in sy verslag aan die Speaker 'n wetsontwerp bevestig, moet die Speaker dit na die President verwys om hom in staat te stel om daarmee te handel ooreenkomstig Artikels 56 en 64.

(4) (a) Indien die Nasionale Raad in sy verslag aan die Speaker aanbeveel dat die Wetsontwerp aanvaar word, met die veranderinge wat die Raad voorstel, moet die wetsontwerp deur die Speaker na die Nasionale Vergadering terugverwys word.

(b) As 'n wetsontwerp terugverwys word na die Nasionale Vergadering ooreenkomstig Sub-Artikel (a), kan die Nasionale Vergadering die Wetsontwerp heroorweeg en enige veranderinge aangebring, ongeag of dit deur die Nasionale Raad voorgestel is, al dan nie. Indien die wetsontwerp weer deur die Nasionale Vergadering aanvaar word, ongeag of dit in die vorm is soos dit oorspronklik aanvaar is of in 'n gewysigde vorm, moet die Wetsontwerp nie weer na die Nasionale Raad terugverwys word nie, maar die Speaker moet dit na die President verwys sodat dit ooreenkomstig Artikels 56 en 64 afgehandel kan word.

(5) (a) Indien 'n twee-derde meerderheid van al die lede van die Nasionale Raad beswaar maak teen die beginsel van 'n wetsontwerp, moet dit in die verslag aan die Speaker genoem word. In dié geval moet die verslag ook aandui of die Nasionale Raad aanbeveel dat veranderinge aan die wetsontwerp aangebring word of nie. Indien die beginsel van die wetsontwerp deur die Nasionale Vergadering bevestig word ooreenkomstig SubArtikel (b) hieronder, en indien veranderinge voorgestel word, moet die besonderhede daarvan in die verslag uiteengesit word.

(b) Indien die Nasionale Raad in sy verslag teen die beginsel van die wetsontwerp beswaar maak, moet die Nasionale Vergadering die beginsel heroorweeg, indien dit heroorweeg word moet die Nasionale Vergadering die beginsel van die wetsontwerp met 'n twee-derde meerderheid van al sy lede herbevestig. Dan is die beginsel van die wetsontwerp nie meer 'n geskilpunt nie. Indien 'n twee-derde meerderheid nie in die Nasionale Vergadering verkry word nie, verval die wetsontwerp.

(6) (a) Indien die Nasionale Vergadering die beginsel van die wetsontwerp ooreenkomstig Sub-Artikel 5(b) met 'n twee-derde meerderheid van al sy lede herbevestig, en die verslag van die Nasionale Raad voorgestel het dat bepaalde wysigings aan die wetsontwerp aangebring behoort te word, moet die Nasionale Vergadering aandag aan die veranderinge gee wat deur die Nasionale Raad voorgestel is. In daardie geval is die bepalinge van Subartikel 4(b) mutatis mutandis van toepassing.

(b) Indien die Nasionale Vergadering die beginsel van die wetsontwerp, ooreenkomstig Subartikel 5(b) by wyse van 'n twee-derde meerderheid van al die lede herbevestig en die verslag van die Nasionale Raad nie aanbeveel dat in so 'n geval veranderinge aan die wetsontwerp gemaak moet word nie, word die wetsontwerp geag as deur die Nasionale Raad bevestig en die Speaker moet dit na die President verwys om daarmee te handel ooreenkomstig Artikels 56 en 64.

(7) Sub-Artikels (5) en (6) is nie van toepassing op wetsontwerpe wat betrekking het op die heffing van belastings of die aanwending van openbare fondse nie.

(8) Die Nasionale Raad moet binne dertig (30) dae van datum waarop ’n wetsontwerp, wat betrekking het op die heffing van belastings of die gebruik van openbare fondse, deur die Speaker na die Raad verwys is, aan die Speaker verslag doen. Vir alle ander wetsontwerpe, moet terugvoering geskied binne drie (3) maande van datum van verwysing deur die Speaker. Indien die Nasionale Raad nalaat om terugvoering te gee, sal die bepaalde wetsontwerpe as bevestig beskou word, en die Speaker moet dit dan so gou as moontlik na die President verwys om hom in staat te stel om ooreenkomstig Artikels 56 en 64 met die wetsontwerpe te handel.

(9) Indien die President sy/haar toestemming tot enige wetsontwerp ooreenkomstig Artikel 56 weerhou en daar word met die wetsontwerp ingevolge dié artikel gehandel, en dit word weer deur die Nasionale Vergadering goedgekeur in die vorm waarin dit oorspronklik aanvaar is, of in ’n gewysigde vorm, word die bepaalde wetsontwerp nie weer na die Nasionale Raad verwys nie. Die Speaker verwys dit direk na die President sodat hy daarmee kan handel ooreenkomstig Artikels 56 en 64.

**Artikel 76 - Kworum**

Die teenwoordigheid van ’n meerderheid van die lede van die Nasionale Raad is nodig om ’n vergadering van die Nasionale Raad saam te stel vir die uitvoering van sy funksies en werksaamhede.

**Artikel 77 - Stemming**

Behalwe indien anders in die Grondwet bepaal, word alle vraagstukke in die Nasionale Raad beslis deur ’n meerderheid van stemme uitgebring deur lede teenwoordig, met die uitsondering van die Voositter of in sy/haar afwesigheid, die Ondervoorsitter of die lid wat by daardie sitting voorsit. By ’n staking van stemme het die voorsitter van die vergadering egter ’n beslissende stem.

# HOOFSTUK 9
# Regspleging

**Artikel 78 - Die Regbank**

(1) Die regterlike gesag berus by die howe van Namibië wat bestaan uit:

(a) 'n Hoogste Hof van Namibië

(b) 'n Hoërhof van Namibië

(c) Laerhowe van Namibië

(2) Die howe is onafhanklik en is slegs aan die Grondwet en die reg gebonde.

(3) Geen lid van die Kabinet of die wetgewer of enige ander persoon mag inmeng met die regters of regterlike amptenare in die uitvoering van hulle regterlike werksaamhede nie. Alle afdelings van die Staat moet bystand aan die howe verleen soos wat die howe dit mag vereis om hul onafhanklikheid, waardigheid en doeltreffendheid te beskerm, met inagneming van die bepalinge van die Grondwet of enige ander wet.

(4) Die Hoogste Hof en die Hoërhof het die inherente jurisdiksie wat gevestig was in die Hooggeregshof van Suidwes-Afrika onmiddelik voor die datum van Onafhanklikheid, insluitend die mag om hulle eie prosedures te reguleer en om hofreëls vir dié doel te skep.

**Artikel 79 - Die Hoogste Hof**

(1) Die Hoogste Hof bestaan uit 'n Hoofregter en bykomende Regters soos deur die President, op aanbeveling van die Regsdienskommissie, bepaal word.

(2) Die Hoofregter is die voorsitter van die Hoogste Hof en moet appèlle wat van die Hoërhof kom, aanhoor en uitspraak daaroor lewer, insluitend appèlle wat die vertolking, implementering en handhawing van hierdie Grondwet en die fundamentele regte en vryhede wat daaronder gewaarborg word, behels. Die Hoogste Hof moet ook sake hanteer wat die Prokureur-Generaal ooreenkomstig die Grondwet na hom verwys vir beslissing en ander sake wat deur Parlementêre wetgewing gemagtig kan word.

(3) Drie (3) Regters vorm 'n kworum van die Hoogste Hof wanneer hy appèlle aanhoor of sake wat deur die Prokureur-Generaal

ooreenkomstig die Grondwet na hom verwys word: met dien verstande dat die Parlement deur wetgewing voorsiening kan maak vir 'n kleiner kworum in omstandighede, waar 'n Regter wat in 'n appèlsaak sit, ter eniger tyd voor die uitspraak te sterwe kom of onbekwaam raak om voort te gaan.

(4) Die jurisdiksie van die Hoogste Hof met betrekking tot appèlle sal deur Parlementêre wetgewing bepaal word.

**Artikel 80 - Die Hoërhof**

(1) Die Hoërhof bestaan uit 'n Regter-President en soveel addisionele regters as wat die President, op die aanbeveling van die Regsdienskommissie, mag bepaal.

(2) Die Hoërhof het oorspronklike regsbevoegdheid om alle siviele dispute en strafregtelike vervolgings, te verhoor, 'n bevinding te maak en uitspraak daaroor te lewer, insluitend sake wat die uitleg, toepassing en handhawing van die Grondwet en die fundamentele regte en vryhede wat daaronder gewaarborg word, behels. Die Hoërhof het ook die jurisdiksie om alle appèlle van die laer howe aan te hoor en beslissings te maak.

(3) Die jurisdiksie van die Hoërhof met betrekking tot appèlle, sal deur Parlementêre wetgewing bepaal word

**Artikel 81 - Bindende Aard van Beslissings van die Hoogste Hof**

'n Beslissing van die Hoogste Hof sal bindend wees op alle ander howe en alle persone in Namibië, tensy dit deur die Hoogste Hof self herroep word of weerspreek word deur 'n wet van die Parlement wat regtens aanvaar is.

**Artikel 82 - Aanstelling van Regters**

(1) Alle aanstellings van regters tot die Hoogste Hof en die Hoërhof word deur die President op aanbeveling van die Regsdienskommissie gemaak en regters lê by aanstelling 'n eed of 'n bevestiging van amp af ooreenkomstig die bewoording van Skedule 1 van die Grondwet.

(2) Die President kan, op versoek van die Hoofregter, waarnemende regters van die Hoogste Hof aanstel om van tyd tot tyd toevallige vakatures in die hof te vul of om as ad hoc aanstellings sake te verhoor wat betrekking het op grondwetlike geskilpunte of die waarborg van fundamentele regte en vryhede, indien die Hoofregter

van mening is dat sodanige aanstelling wenslik is vir die verhoor van gemelde sake, weens die regters se besondere kennis of kundigheid van gemelde sake.

(3) Die President kan op versoek van die Regter-President waarnemende regters van die Hoërhof aanstel om toevallige vakatures in die hof te vul of om die hof in staat te stel om sy werk vinnig en vlot af te handel.

(4) Alle Regters, behalwe waarnemende Regters, wat ingevolge hierdie Grondwet aangestel is, sal in hul amp aanbly tot op die onderdom van vyf-en-sestig (65) jaar, maar die President kan die aftree-ouderdom van enige Regter tot die ouderdom van sewentig (70) jaar verleng. 'n Wet van die Parlement kan ook voorsiening maak vir aftrede op hoër ouderdomme as wat in hierdie Artikel bepaal word.

**Artikel 83 - Laer Howe**

(1) Laer howe word deur Parlementêre wetgewing ingestel en het jurisdiksie en neem prosedures aan ingevolge sodanige wet en die regulasies wat onder die wet geproklameer word.

(2) Landdroste of ander regterlike amptenare moet in laer howe voorsit en moet ingevolge die voorgeskrewe prosedures van Parlementêre wetgewing aangestel word.

**Artikel 84 - Ontslag van Regters uit die Amp**

(1) 'n Regter kan net deur die President, op aanbeveling van die Regsdienskommissie, van sy/haar amp onthef word voor die verstryking van sy/haar ampstermyn.

(2) Regters kan slegs op grond van geestelike ongesteldheid of growwe wangedrag en ooreenkomstig die bepalinge van Subartikel (3), van sy/haar amp onthef word.

(3) Die Regsdienskommissie moet ondersoek instel of 'n Regter onthef behoort te word op sodanige gronde. Indien die Kommissie besluit die Regter behoort onthef te word, moet die President van hul aanbeveling in kennis gestel te word.

(4) As die oorweging van die Regsdienskommissie ingevolge hierdie Artikel betrekking het op die gedrag van 'n lid van die Regsdienskommissie, mag sodanige Regter nie aan die oorlegpleging deelneem nie en die President moet 'n ander Regter aanstel om die vakature te vul.

(5) Ten tye van ondersoeke na die noodsaaklikheid vir die ontslag van 'n Regter ingevolge hierdie Artikel, kan die President, op aanbeveling van die Regsdienskommissie, die Regter uit sy amp skors, hangende die uitslag van die ondersoeke en aanbeveling,

**Artikel 85 - Die Regsdienskommissie**

(1) Daar sal'n Regsdienskommissie wees bestaande uit die Hoofregter, 'n Regter wat deur die President aangestel word, die Prokureur-Generaal en twee lede van die regsberoep, soos genomineer deur die beroepsorganisasie of organisasies wat die regsberoep in Namibië verteenwoordig en ooreenkomstig die bepalinge van Parlementêre wetgewing.

(2) Die Regsdienskommissie moet sodanige werksaamhede verrig soos wat deur hierdie Grondwet of enige ander wet voorgeskryf word.

(3) Die Regsdienskommissie het die bevoegdheid om sodanige toepaslike reëls en regulasies te maak ter uitvoering van sy procedures en werksaamhede, maar nie strydig met hierdie Grondwet of enige ander wet nie.

(4) Die Hoofregter of, in sy/haar afwesigheid, die Regter wat deur die President aangestel is, kan enige toevallige vakature in die Regsdienskommissie vul.

**Artikel 86 - Die Prokureur-Generaal**

Die President sal 'n Prokureur-Generaal aanstel ooreenkomstig die bepalinge van Artikel 32(3)(1)(cc).

**Artikel 87 - Bevoegdhede en Werksaamhede van die Prokureur-Generaal**

Die bevoegdhede en werksaamhede van die Prokureur-Generaal is as volg :

(a) om die finale verantwoordelikheid vir die kantoor van die Aanklaer-Generaal te neem;

(b) om die hoofregsadviseur van die President en die Regering te wees;

(c) om nodige stappe te neem ter beskerming en handhawing van die Grondwet;

(d) om alle werksaamhede en pligte wat deur Parlementêre wetgewing aan die Prokureur-Generaal opgedra word, uit te voer.

**Artikel 88 - Die Aanklaer-Generaal**

(1) Die President sal ’n Aanklaer-Generaal op aanbeveling van die Regsdienskommissie aanstel. Niemand is geskik om as Aanklaer-Generaal aangestel te word nie, tensy hy/sy:

(a) oor regskwalifikasies beskik wat hom/haar regtens toelaat om in alle Namibiese howe te praktiseer;

(b) op grond van sy/haar ondervinding, eerbaarheid en integriteit ’n bekwame en geskikte persoon is, om met die verantwoordelikhede van die amp van Aanklaer-Generaal toevertrou te word.

(2) Die bevoegdhede en werksaamhede van die Aanklaer-Generaal is as volg:

(a) om ooreenkomstig die bepalinge van die Grondwet, in die naam van die Republiek van Namibië in strafregtelike verrigtinge aan te kla;

(b) om appèlle in strafregtelike verrigtinge in die Hoërhof en Hoogste Hof aan te kla;

(c) om alle werksaamhede te verrig wat verband hou met sy/haar magte;

(d) om ander amptenare af te vaardig en te delegeer om, onder sy/haar beheer en leiding, strafregtelike verrigtinge in enige hof aan te voer;

(e) om alle ander werksaamhede wat deur enige ander wet aan hom/haar opgedra word, uit te voer.

# HOOFSTUK 10
# Die Ombudsman

### Artikel 89 - Instelling en Onafhanklikheid

(1) Daar sal 'n Ombudsman wees, met die bevoegdhede en werksaamhede soos deur die Grondwet bepaal.

(2) Die Ombudsman is onafhanklik en slegs aan die reg en die Grondwet gebonde.

(3) Geen lid van die Kabinet of die wetgewer of enige ander persoon mag inmeng met die Ombudsman in die uitvoering van sy/haar werksaamhede nie. Alle afdelings van die Staat moet sodanige bystand verleen as wat nodig mag wees vir die beskerming van die onafhanklikheid, waardigheid en doeltreffendheid van die Ombudsman.

(4) Die Ombudsman moet óf 'n regter van Namibië wees óf iemand wat oor regskwalifikasie beskik, wat hom/haar die reg gee om in alle Namibiese howe te praktiseer.

### Artikel 90 – Aanstelling en Werkstermyn

(1) Die President stel die Ombudsman aan op aanbeveling van die Regsdienskommissie.

(2) Die Ombudsman sal in sy amp aanbly tot die ouderdom van vyf-en-sestig (65) jaar, maar die President kan die aftree-ouderdom van enige Ombudsman tot die ouderdom van sewentig (70) jaar verleng.

### Artikel 91 - Funksies

Die funksies van die Ombudsman word bepaal en voorgeskryf deur Parlementêre wetgewing en sal uit die volgende bestaan:

(a) die plig om klagtes te ondersoek oor beweerde of moontlike oortredings van:

- fundamentele regte en vryhede;
- misbruik van gesag;
- onregverdige, growwe, onsensitiewe of onbeleefde behandeling van 'n Namibiese inwoner deur 'n amptenaar in diens van enige staatsinstelling;
- duidelike onreg;
- korrupsie;

- of onregmatige, onderdrukkende of onregverdige gedrag deur enige amptenaar, strydig met die waardes van ’n demokratiese gemeenskap;

(b) die plig om klagtes te ondersoek rakende die funksies van die Staatsdienskommissie, administratiewe instellings van die Staat, Weermag, Polisiemag en Gevangenisdiens vir soverre die klagtes verband hou met die onvermoë om ’n regverdige lewering van dienste, gelyke toegang tot dienste of administrasie tot dienste te bewerkstellig;

(c) die plig om klagtes te ondersoek met betrekking tot die onverantwoordelike uitputting van natuurlike hulpbronne en totale uitputting van onherwinbare hulpbronne, verwoesting van ekosisteme en die versuim om die skoonheid en karakter van Namibië te beskerm;

(d) die plig om klagtes te ondersoek oor praktyke en handelinge deur persone, ondernemings en ander private instellings, oor beweerde skendings van fundamentele regte en vryhede, beskerm deur die Grondwet;

(e) die plig en mag om die nodige stappe te neem vir die herstel, korreksie en omkeer van gevalle soos in voorafgaande Sub-Artikels genoem, deur ’n remedie wat regverdig, gepas en effektief is, insluitend:

  (aa) onderhandeling en skikking tussen betrokke partye;

  (bb) om toe te sien dat die klagte en die bevinding van die Ombudsman aan die oortreder se direkte hoof gerapporteer word;

  (cc) om die aangeleentheid na die Aanklaer-Generaal te verwys;

  (dd) om die korrekte regstappe in ’n bevoegde hof vir ’n interdik of enige ander geskikte hulpmiddel in te stel om die staking van die oortreding, gedrag en/of die afskaffing of verandering van die onaanvaarbare prosedures te verseker;

  (ee) om geregtelike stappe in te stel om die toepassing van sodanige wetgewing of regulasie te belet, deur die geldigheid daarvan te betwis, indien ’n poging angewend word om die onaanvaarbare aksie of gedrag deur middel van ondergeskikte wetgewing of regulasies te regverdig, wat uiters onredelik of andersins ultra vires (onwettig) is;

(ff) die hersiening van wette wat in werking was voor die datum van Onafhanklikheid ten einde te bepaal of hulle die gees van die Grondwet skend en om aanbevelings aan die President, die Kabinet of die Prokureur-Generaal te maak vir toepaslike stappe ter opvolging van die aanbevelings.

(f) die plig om streng alle gevalle van beweerde of verdagte korrupsie en die wanbesteding van staatsgelde deur amptenare te ondersoek en om die nodige stappe te doen, insluitend om verslae aan die Aanklaer-Generaal en die Ouditeur-Generaal te stuur.

(g) die plig om jaarliks aan die Nasionale Vergadering verslag te doen oor die uitoefening van sy/haar werksaamhede.

**Artikel 92 - Bevoegdhede van Ondersoek**

Die bevoegdhede van die Ombudsman word ooreenkomstig Parlementêre wetgewing bepaal en sluit die volgende magte in:

(a) om dagvaardings uit te reik aan enige persoon om voor die Ombudsman te verskyn en vir die lewering van enige dokument of rekord wat verband hou met enige ondersoek deur die Ombudsman;

(b) om enige persoon wat 'n dagvaarding minag, voor 'n bevoegde hof aan te kla;

(c) om enige persoon te ondervra;

(d) om enige persoon te versoek om saam met die Ombudsman te werk en om eerlik en openhartig enige inligting, waarvan hy/sy kennis mag dra en wat relevant is vir enige ondersoek van die Ombudsman, bekend te maak.

**Artikel 93 - Betekenis van "Amptenaar"**

Vir die doeleindes van hierdie hoofstuk beteken die woord "amptenaar":

- enige verkose of aangestelde amptenaar of werknemer van enige instelling van die Sentrale of Plaaslike Regering;
- enige amptenaar van 'n staatsbeheerde onderneming wat deur die Regering besit, bestuur of beheer word of waarin die Staat of die Regering 'n aansienlike belang het;
- of enige offisier van die Weermag, Polisiemag of Gevangenisdiens;
- maar, sluit nie 'n Regter van die Hoogste Hof of Hoërhof in nie,

- of enige ander regterlike amptenaar, vir soverre ’n klagte wat betrekking het op die uitoefening van ’n regterlike plig.

**Artikel 94 - Ontslag uit Amp**

(1) Die Ombudsman kan voor die verstryking van sy/haar amp deur die President, op aanbeveling van die Regsdienskommissie, uit sy/haar amp onthef word.

(2) Die Ombudsman kan slegs van sy/haar amp onthef word op grond van onvermoë of growwe wangedrag en ooreenkomstig die bepalinge van Sub-Artikel (3).

(3) Die Regsdienskommissie moet ondersoek instel of die Ombudsman van sy amp onthef behoort te word of nie, op grond van Subartikel (2), en indien die Kommissie besluit dat die Ombudsman ontslaan moet word, moet die President van die aanbeveling in kennis stel word.

(4) Terwyl ondersoeke na die noodsaaklikheid van ontslag van die Ombudsman in terme van hierdie Artikel aan die gang is, mag die President op aanbeveling van die Regsdienskommissie, die Ombudsman uit die amp skors, hangende die uitslag van sodanige ondersoeke en aanbevelings.

# HOOFSTUK 11

# Beginsels van Staatsbeleid

**Artikel 95 - Bevordering van die Welsyn van die Bevolking**

Die Staat moet die welsyn van die mense aktief bevorder en onderhou deur onder andere beleidsrigtings te aanvaar wat die volgende ten doel stel:

(a) inwerkingstelling van wetgewing om gelyke geleenthede vir vrouens te verseker, om hulle in staat te stel om ten volle deel te neem aan alle fasette van die Namibiese samelewing. Die Regering moet toesien dat daar nie ten opsigte van besoldiging teen vroue gediskrimineer word nie. Verder moet die Regering deur gepaste wetgewing toesien dat kraam- en verwante voordele vir vroue voorsien word;

(b) aanvaarding van wetgewing om te verseker dat die gesondheid en krag van die werkers, mans en vrouens en die kwesbare

ouderdom van kinders nie misbruik word nie en dat burgers nie op grond van ekonomiese druk gedwing word om beroepe te beoefen wat ongeskik is vir hulle ouderdom of kragte nie;

(c) om aktief die stigting van onafhanklike vakbonde, wat die regte en belange van werkers beskerm en gesonde arbeidsverhoudinge en regverdige indiensnemingspraktyke, bevorder;

(d) lidmaatskap van die Internasionale Arbeidsorganisasie (ILO) en, sovêr moontlik, nakoming van en handeling in ooreenstemming met die internasionale verdrae en aanbevelings van die ILO;

(e) verseker dat elke burger die reg het tot regverdige en redelike toegang tot openbare fasiliteite en dienste ooreenkomstig die wet;

(f) verseker dat senior burgers geregtig is op ’n gereelde pensioen, wat voldoende is vir die handhawing van ’n behoorlike lewenstandaard en die genot van sosiale en kulturele geleenthede;

(g) aanvaarding van wetgewing om te verseker dat werkloses, onbevoegdes, behoeftiges en die benadeeldes sodanige maatskaplike voordele en geriewe wat deur die Parlement vasgestel word as regverdig en bekostigbaar, met behoorlike inagneming van Staatsfondse, geniet;

(h) ’n regstelsel wat poog om geregtigheid te bevorder deur gelyke geleenthede en gratis regshulp te voorsien in bepaalde sake, met behoorlike inagneming van staatsfondse;

(i) die versekering dat werkers ’n leefbare loon ontvang wat toereikend is vir die handhawing van ’n behoorlike lewenstandaard en die genot van sosiale en kulturele geleenthede;

(j) langdurige beplanning om die voeding en lewenstandaard van die Namibiese bevolking te verhoog en op ’n aanvaarbare vlak te handhaaf en om openbare gesondheid te verbeter;

(k) opvoeding van die volksmassa deur middel van onderwys, ander aktiwiteite en hul organisasies om regeringsbeleid te beïnvloed deur regeringsbesluite te debatteer;

(l) die instandhouding van ekosisteme, noodsaaklike ekologiese prosesse en biologiese diversiteit van Namibië en die benutting van lewende natuurlike hulpbronne op ’n volhoubare basis tot

voordeel van alle Namibiërs, sowel nou as in die toekoms. In die besonder moet die Regering voorsiening maak vir maatreëls teen die storting of herbenutting van buitelandse kernafval en toksiese afval op Namibiese grondgebied.

**Artikel 96 - Buitelandse Betrekkinge**

Die Staat sal in sy internasionale betrekkinge streef om:

(a) ’n beleid van onverbondenheid te aanvaar en te handhaaf;

(b) internasionale samewerking, vrede en veiligheid te bevorder;

(c) betrekkinge tussen nasies te skep en te handhaaf wat regverdig en voordelig vir almal is;

(d) respek vir internasionale reg en verdragsverpligtinge te bevorder;

(e) die skikking van internasionale geskille deur vreedsame middele aan te moedig.

**Artikel 97 - Asiel**

Die Staat sal poog om waar moontlik, asiel te verleen aan mense wat vrees dat hulle vervolg sal word weens hulle politieke oortuigings, ras, geloof of omdat hulle deel van ’n spesifieke sosiale groep is.

**Artikel 98 - Beginsels van Ekonomiese Orde**

(1) Namibië sal die beginsel van ’n gemengde ekonomie handhaaf om ekonomiese groei, welvaart en ’n menswaardige lewe vir alle Namibiërs te verseker.

(2) Die Namibiese ekonomie sal gegrond wees op die volgende vorms van eienaarskap:

(a) openbaar;

(b) privaat;

(c) gesamentlike openbare private besit;

(d) koöperatiewe besit;

(e) mede-eienaarskap;

(f) kleinskaal familiebesit.

**Artikel 99 - Buitelandse Beleggings**

Buitelandse beleggings in Namibië word aangemoedig onderworpe aan die bepalinge van ’n beleggerskode, soos deur die Parlement aanvaar.

**Artikel 100 - Soewereine Eienaarskap van Natuurlike Hulpbronne**

Grond, water en natuurlike hulpbronne, bo en onder die grondoppervlakte en in die vasteland plat, en binne die territoriale waters en die eksklusiewe ekonomiese gebied van Namibië, behoort aan die Staat tensy dit wettiglik deur ’n ander persoon of entiteit besit word.

**Artikel 101 - Toepassing van die Beginsels vervat in hierdie Hoofstuk**

Die beginsels van staatsbeleid wat in hierdie hoofstuk bespreek word, is nie regtens afdwingbaar deur enige hof nie, maar moet nogtans as riglyn dien wanneer wetgewing gemaak en toegepas word, om die beginsels te bevorder.

Die howe het die reg om kennis te neem van genoemde beginsels in die uitleg van enige wet wat daarop van toepassing is.

# HOOFSTUK 12

# Streeks- en Plaaslike Regering

**Artikel 102 - Strukture van Streeks- en Plaaslike Regering**

(1) Vir die doeleindes van Streeks- en Plaaslike Regering moet Namibië in streeks- en plaaslike gebiede verdeel word, wat uit bepaalde streke en Plaaslike Owerhede moet bestaan soos deur Parlementêre wetgewing bepaal en omskryf word.

(2) Die grense van die streke en Plaaslike Owerhede bedoel in Sub-Artikel (1), moet slegs geografies afgebaken word, sonder die inagneming van ras, kleur of etniese oorsprong van die inwoners van bepaalde gebiede.

(3) Elke afdeling van Streeks- en Plaaslike Regerings moet ’n raad hê as die belangrikste regerende liggaam, wat vryelik verkies word ooreenkomstig die Grondwet en Parlementêre wetgewing soos bedoel in Sub-Artikel (1), met ’n uitvoerende gesag en administrasie wat alle wettige resolusies en die beleid van die bepaalde raad uitvoer, met inagneming van die Grondwet en enige ander relevante wetgewing.

(4) By die toepasssing van hierdie hoofstuk moet ’n Plaaslike Owerheid alle munisipaliteite, gemeenskappe, dorpsrade en ander afdelings van plaaslike bestuur insluit wat deur Parlementêre wetgewing omskryf en ingestel is.

(5) ’n Raad van Tradisionele Leiers sal ingevolge Parlementêre wetgewing ingestel word om die President in te lig oor die beheer en benutting van kommunale grond en oor alle ander bepaalde sake wat vir advies na die President verwys mag word.

**Artikel 103 - Instelling van Streeksrade**

(1) Die Afbakeningskommissie sal die grense van streke bepaal ooreenkomstig die beginsels van Artikel 102(2).

(2) Streekgrense kan van tyd tot tyd verander en nuwe streke kan geskep word, maar slegs indien dit deur die Afbakeningskommissie aanbeveel word.

(3) ’n Streeksraad sal vir elke streek ingestel word binne die grense wat ooreenkomstig Sub-Artikels (1) en (2) bepaal is.

**Artikel 104 - Die Afbakeningskommissie**

(1) Die Afbakeningskommissie bestaan uit ’n Voorsitter, wat ’n Regter van die Hoogste Hof of Hoërhof moet wees, asook twee ander persone wat deur die President, met die goedkeuring van die Parlement, aangestel moet word.

(2) Die Afbakeningskommissie sal sy pligte uitoefen ooreenkomstig die bepalinge van Parlementêre wetgewing en die Grondwet en aan die President verslag doen.

**Artikel 105 - Samestelling van Streeksrade**

Elke Streeksraad bestaan uit ’n hoeveelheid persone wat deur die Afbakeningskommissie vir die bepaalde streek aangestel is en wat kwalifiseer om tot die Nasionale Raad verkies te word.

**Artikel 106 - Streeksraadverkiesings**

(1) Elke streek sal in kiesafdelings, verdeel word waarvan die grense deur die Afbakeningskommissie bepaal word ooreenkomstig die bepalings deur Parlementêre wetgewing en die Grondwet, op

voorwaarde dat daar nie minder as ses (6) en nie meer as twaalf (12) kiesafdelings in elke streek mag wees nie.

(2) Elke kiesafdeling kies een (1) lid vir die Streeksraad van die gebied waarin die gebied geleë is.

(3) Die verkiesings geskied deur middel van geheime stemming, ooreenkomstig die bepalinge van Parlementêre wetgewing, en die kandidaat met die meeste stemme word die verkose lid van die Streeksraad vir daardie kiesafdeling.

(4) Alle streeksraadverkiesings in Namibië moet op dieselfde dag plaasvind.

(5) Die datum vir streeksraadverkiesings word deur die President by wyse van Proklamasie in die Staatskoerant afgekondig.

**Artikel 107 - Besoldiging van Lede van Streeksrade**

Die besoldiging en toelaes betaalbaar aan lede van die Streeksrade moet bepaal word deur Parlementêre wetgewing.

**Artikel 108 - Bevoegdhede van Streeksrade**

Streeksrade het die volgende bevoegdhede:

(a) om lede vir die Nasionale Raad te kies;

(b) om binne die streek waarvoor hulle aangestel is, die uitvoerende pligte uit te oefen, asook aanverwante sake te behartig wat deur Parlementêre wetgewing aan hulle toevertrou is en deur die President aan hulle gedelegeer word;

(c) om inkomste in te vorder, of te deel in die inkomste wat deur die Sentrale Regering binne die streke ingevorder word, soos bepaal word deur Parlementêre wetgewing;

(d) om hulle magte te gebruik, alle funksies uit te oefen en om bywette of regulasies te maak wat deur Parlementêre wetgewing bekragtig kan word.

**Artikel 109 - Bestuurskomitees**

(1) Elke Streeksraad moet uit eie geledere 'n Bestuurskomitee verkies wat uitvoerende magte sal hê ooreenkomstig die bepalinge deur Parlementêre wetgewing.

(2) Die lede van 'n Streekraad kies 'n voorsitter vir die Bestuurskomitee ten tye van die Bestuurskomiteeverkiesing en die voorsitter sal op die vergaderings van sy/haar Streeksraad voorsit.

(3) Die Voorsitter en die lede van die Bestuurskomitee beklee hul posisies vir drie (3) jaar en is herkiesbaar.

**Artikel 110 - Administrasie en Funksies van Streeksrade**

Streeksrade is verantwoordelik vir die hou van Streeksraadvergaderings, die vul van gewone vakatures op Streeksrade en die aanstelling van amptenare deur die Streeksrade, sowel as enige ander funksies wat deur Parlementêre wetgewing bepaal sal word.

**Artikel 111 - Plaaslike Owerhede**

(1) Plaaslike owerhede word ooreenkomstig die bepalinge van Artikel 102 ingestel.

(2) Die vasstelling van grense van Plaaslike Owerhede, die verkiesing van Rade om die administrasie van Plaaslike Owerhede te hanteer, wyse van verkiesing van die Plaaslike Owerhederaad, om 'n werkswyse te bepaal vir die invordering van inkomste, om vergoeding vas te stel vir lede van die Plaaslike Owerhederaad en alle ander funksies wat met die administrasie van die Plaaslike Owerhede verband hou, sal deur Parlementêre wetgewing bepaal word.

(3) Persone kwalifiseer om in verkiesings vir Plaaslike Owerhederade te stem, wanneer hy/sy minstens een (1) jaar woonagtig was in die bepaalde verkiesingsstreek onmiddelik voor die verkiesingsdatum en indien so 'n persoon kwalifiseer om in verkiesings vir die Nasionale Vergadering te stem.

(4) Verskillende bepalinge kan gemaak word deur Parlementêre wetgewing soos bedoel in Sub-Artikel (2) met betrekking tot verskillende soorte Plaaslike Owerhede.

(5) Alle bywette of regulasies wat deur Plaaslike Owerhede gemaak word ingevolge bevoegdhede wat deur Parlementêre wetgewing aan hulle verleen is, moet in die Nasionale Vergadering ter tafel gelê word en sal ophou om van krag te wees as die resolusie deur die Nasionale Vergadering aanvaar word.

# HOOFSTUK 13

## Die Staatsdienskommissie

### Artikel 112 - Instelling

’n Staatsdienskommissie sal ingestel word met die doel om die President te adviseer oor aangeleenthede soos bepaal in Artikel 113 en om daaroor aan die Nasionale Vergadering verslag te doen.

Die Staatsdienskommissie sal onafhanklik en onpartydig optree.

Die Staatsdienskommissie bestaan uit ’n Voorsitter en minstens drie (3) en hoogstens ses (6) ander persone wat deur die President genomineer en deur die Nasionale Vergadering by resolusie aangestel word.

Elke lid van die Staatsdienskommissie is geregtig om vir ’n termyn van vyf (5) jaar op die kommissie te dien, tensy hulle wettiglik ontslaan word voor die verstryking van daardie termyn deur goeie en afdoende redes ingevolge die Grondwet en prosedures wat deur Parlementêre wetgewing voorgeskryf moet word.

Elke lid van die Staatsdienskommissie sal in aanmerking kom vir heraanstelling.

### Artikel 113 - Werksaamhede

Die werksaamhede van die Staatsdienskommissie word deur Parlementêre wetgewing bepaal en moet die bevoegdheid insluit:

(a) om die President en Regering te adviseer oor:

- (aa) die aanstelling van geskikte persone in bepaalde poste in die Staatsdiens, met besondere aandag aan die gebalanseerde strukturering daarvan;
- (bb) die uitoefening van toereikende dissiplinêre kontrole oor persone ten einde ’n regverdige administrasie en personeelbeleid te verseker;
- (cc) die vergoeding en aftreevoordele van enige persoon;
- (dd) alle ander aangeleenthede wat volgens wet betrekking het op die Staatsdiens;

(b) om alle werksaamhede te verrig wat deur Parlementêre wetgewing aan hom toegewys is;

(c) om die President te adviseer oor die identiteit, beskikbaarheid en geskiktheid van persone wat deur die President in poste ingevolge die Grondwet of enige ander wet aangestel moet word.

# HOOFSTUK 14

# Die Veiligheidskommissie

### Artikel 114 - Instelling en Werksaamhede

(1) Daar sal ’n Veiligheidskommissie wees met die funksie om aanbevelings te doen aan die President ten opsigte van die aanstelling van die hoof van die Weermag, die Inspekteur-Generaal van die Polisie en die Kommissaris van Gevangenisse en enige ander werksaamhede wat deur Parlementêre wetgewing aan hom toegewys kan word.

(2) Die Veiligheidskommissie sal bestaan uit die Voorsitter van die Staatsdienskommissie, die hoof van die Weermag, die Inspekteur-Generaal van Polisie, die Kommissaris van Gevangenisse en twee (2) lede van die Nasionale Vergadering, aangestel deur die President op aanbeveling van die Nasionale Vergadering.

# HOOFSTUK 15

# Die Polisiemag, Weermag en die Gevangenisdiens

### Artikel 115 - Instelling van die Polisiemag

’n Namibiese Polisiemag met voorgeskrewe bevoegdhede, pligte en prosedures sal deur Parlementêre wetgewing ingestel word ten einde die binnelandse veiligheid van Namibië te verseker en om wet en orde te handhaaf.

### Artikel 116 - Die Inspekteur-Generaal van Polisie

(1) ’n Inspekteur-Generaal van Polisie sal deur die President ingevolge Artikel 32(4)(c)(bb) aangestel word.

(2) Die Inspekteur-Generaal van Polisie moet voorsiening maak vir ’n gebalanseerde strukturering van die Polisiemag en moet die bevoegdheid hê om geskikte aanstellings in die Polisiemag te doen,

om klagtes van gebrek aan dissipline onder lede van die Polisiemag te ondersoek en te vervolg en om die doeltreffende administrasie van die Polisiemag te verseker.

**Artikel 117 - Ontslag van die Inspekteur-Generaal van Polisie**

Die President kan die Inspekteur-Generaal van Polisie om goeie redes en in openbare belang en ooreenkomstig die bepalinge van enige Parlementêre wetgewing wat prosedures voorskryf wat belangrik is vir hierdie doel, uit sy amp ontslaan.

**Artikel 118 - Instelling van die Weermag**

(1) 'n Namibiese Weermag sal deur Parlementêre wetgewing ingestel word met voorgeskrewe samestelling, bevoegdhede, pligte en procedures, ten einde die grondgebied en nasionale belange van Namibië te verdedig.

(2) Die President is die Opperbevelvoerder van die Weermag en sal al die gesag hê en al die werksaamhede uitoefen wat vir dié doel nodig is.

**Artikel 119 - Hoof van die Weermag**

(1) Die President stel die Hoof van die Weermag aan ingevolge Artikel 32(4)(c)(aa).

(2) Die Hoof van die Weermag moet voorsiening maak vir die gebalanseerde strukturering van die Weermag en sal die bevoegdheid hê om geskikte aanstellings in die Weermag te maak, om klagtes van gebrek aan dissipline onder lede van die Weermag te ondersoek, en te vervolg, en om die doeltreffende administrasie van die Weermag te verseker.

**Artikel 120 - Ontslag van die Hoof van die Weermag**

Die President kan die Hoof van die Weermag uit sy posisie ontslaan om geldige redes en in openbare belang en ooreenkomstig die bepalinge van enige Parlementêre wetgewing wat prosedures voorskryf vir hierdie doel.

**Artikel 121 - Instelling van die Gevangenisdiens**

'n Namibiese Gevangenisdiens sal deur Parlementêre wetgewing ingestel word met voorgeskrewe bevoegdhede, pligte en prosedures.

**Artikel 122 - Kommissaris van Gevangenisse**

(1) Die President sal 'n Kommissaris van Gevangenisse aanstel ingevolge Artikel 32(4)(c)(cc).

(2) Die Kommissaris van Gevangenisse moet voorsiening maak vir die gebalanseerde strukturering van die Gevangenisdiens en moet die bevoegdheid hê om geskikte aanstellings in die Gevangenisdiens te maak, om klagtes van gebrek aan dissipline onder lede van die Gevangenisdiens te ondersoek, en te vervolg, en om die doeltreffende administrasie van die Gevangenisdiens te verseker.

**Artikel 123 - Ontslag van die Kommissaris van Gevangenisse**

Die President kan die Kommissaris van Gevangenisse uit sy posisie ontslaan om geldige redes en in openbare belang en ooreenkomstig die bepalinge van enige Parlementêre wetgewing wat prosedures voorskryf vir hierdie doel.

# HOOFSTUK 16

# Finansies

**Artikel 124 - Oordrag van Regeringsbates**

Die bates soos genoem in Skedule 5, sal van die datum van Onafhanklikheid in die besit van die Regering van Namibië wees.

**Artikel 125 - Die Staatsinkomstefonds**

(1) Die Sentrale Inkomstefonds van die mandaatgebied Suidwes-Afrika, ingestel ingevolge Artikel 3 van die Skatkis- en Ouditproklamasie, 1979 (Proklamasie 85 van 1979) en Artikel 31(1) van Proklamasie R101 van 1985, moet in die toekoms bekend staan as die Staatsinkomstefonds van die Republiek van Namibië.

(2) Alle inkomste wat aan die Sentrale Regering gegee word, moet in die Staatsinkomstefonds gestort word en die bevoegdheid om daaroor te beskik, berus by die Namibiese Regering.

(3) Geen bepaling in Sub-Artikel (2) moet die aanvaarding van enige wet of die toepassing daarvan, uitsluit wat bepaal dat:

  (a) die Regering gelde wat aan hom gegee word, in 'n fonds wat vir 'n spesiale doel bestem is, moet inbetaal; of

(b) enige liggaam of instelling aan wie enige gelde wat aan die staat gegee word, betaal is, bepaalde gelde of gedeeltes daarvan mag behou om die uitgawes van enige organisasie of instelling te betaal; of

(c) waar nodig, subsidies aan Streeks- en Plaaslike Owerhede gegee mag word.

(4) Geen gelde mag uit die Staatsinkomstefonds onttrek word nie, behalwe ingevolge Parlementêre wetgewing.

(5) Geen liggaam of person, behalwe die Regering, het die bevoegdheid om gelde uit die Staatsinkomstefonds te onttrek nie.

**Artikel 126 - Begroting**

(1) Die Minister in beheer van die Ministerie van Finansies moet minstens een keer per jaar en daarna soos nodig geag, begrotings van staatsinkomste, uitgawes en inkomste vir die komende boekjaar, ter oorweging, aan die Nasionale Vergadering voorlê.

(2) Die Nasionale Vergadering moet voorgelegde begrotings oorweeg en ingevolge daarvan bepaalde begrotingswette aanneem, wat na sy mening, noodsaaklik is om die finansiële vereistes van die Staat van tyd tot tyd te dek.

**Artikel 127 - Die Ouditeur-Generaal**

(1) Die President sal 'n Ouditeur-Generaal op aanbeveling van die Staatsdienskommissie en met die goedkeuring van die Nasionale Vergadering, aanstel. Die Ouditeur-Generaal sal die posisie vyf (5) jaar lank beklee, tensy vroeër ontslaan, ooreenkomstig Sub-Artikel (4), of tensy hy/sy uit die pos bedank. Die Ouditeur-Generaal kan heraangestel word.

(2) Die Ouditeur-Generaal moet die Staatsinkomstefonds oudit en moet alle ander werksaamhede, deur die Regering of deur Parlementêre wetgewing aan hom/haar toegewys, verrig en jaarliks daaroor aan die Nasionale Vergadering verslag doen.

(3) Die Ouditeur-Generaal mag nie 'n lid van die Staatsdiens wees nie.

(4) Die Ouditeur-Generaal mag nie uit sy/haar pos ontslaan word nie, tensy 'n twee-derde meerderheid van alle lede van die Nasionale Vergadering stem vir sy/haar ontslag op grond van geestelike ongeskiktheid of growwe wangedrag.

# HOOFSTUK 17

# Sentrale Bank en Nasionale Beplanningskommissie

## Artikel 128 - Die Sentrale Bank

(1) Parlementêre wetgewing sal ’n Sentrale Bank van die Republiek van Namibië instel, wat sal dien as die Staat se hoofinstrument om die geldvoorraad, die geldeenheid en die finansiële instellings te beheer, asook om alle ander funksies te verrig wat gewoonweg deur ’n Sentrale Bank verrig word.

(2) Die President sal die Bestuursraad van die Sentrale Bank aanstel ooreenkomstig bepaalde prosedures wat deur Parlementêre wetgewing gereël sal word. Die bestuursraad bestaan uit ’n Goewerneur, ’n Adjunk-Goewerneur en ander lede van die raad.

## Artikel 129 - Die Nasionale Beplanningskommissie

(1) Die Nasionale Beplanningskommissie sal in die Kantoor van die President ingestel word om die prioriteite en riglyne vir nasionale ontwikkeling te beplan.

(2) Die Direkteur-Generaal van Beplanning sal deur die President, ingevolge Artikel 32(3)(i)(dd), aangestel word, wat as hoof van die Nasionale Beplanningskommissie sal dien, sowel as die Hoofadviseur van die President met betrekking tot alle sake rakende ekonomiese beplanning. Hy moet Kabinetsvergaderings op versoek van die President bywoon.

(3) Die lidmaatskap, bevoegdhede, werksaamhede en personeel van die Nasionale Beplanningskommissie sal deur Parlementêre wetgewing bepaal word.

# HOOFSTUK 18

# Inwerkingtreding van hierdie Grondwet

**Artikel 130 - Inwerkingtreding van die Grondwet**

Hierdie Grondwet, wat deur die Grondwetgewende Vergadering aangeneem is, sal op die datum van Onafhanklikheid in werking tree.

# HOOFSTUK 19

# Wysiging van die Grondwet

**Artikel 131 - Verskansing van Fundamentele Regte en Vryhede**

Geen herroeping of wysiging van enige bepaling van Hoofstuk 3, in soverre dit fundamentele regte of vryhede, verminder of daarop inbreuk maak, is toelaatbaar kragtens die Grondwet nie. Sodanige herroeping of wysiging is nie geldig nie en mag geen regskrag of effek hê nie.

**Artikel 132 - Herroeping en Wysiging van die Grondwet**

(1) Enige wetsontwerp, wat 'n bepaling van die Grondwet wil herroep of wysig, moet spesifiek verwys na die Artikels wat herroep en/of gewysig moet word en mag geen ander saak insluit nie.

(2) Vir die herroeping en/of wysiging van enige van die bepalinge van die Grondwet, word die volgende meerderhede in die Parlement vereis:

(a) twee-derdes van alle lede van die Nasionale Vergadering; en

(b) twee-derdes van alle lede van die Nasionale Raad.

(3) (a) Indien 'n wetsontwerp wat enige herroeping en/of wysiging van enige bepalinge van die Grondwet voorstel, 'n twee-derde meerderheid van alle lede van die Nasionale Vergadering kry, maar nie van alle lede van die Nasionale Raad nie, kan die President deur Proklamasie, 'n nasionale referendum oor die voorgestelde herroeping of wysiging uitroep .

(b) Die nasionale referendum waarna in Sub-Artikel (a) hierbo verwys word, sal ooreenkomstig die bepalinge vir die hou van referendums, soos deur Parlementêre wetgewing voorgeskryf, plaasvind.

(c) Indien die referendum die wetsontwerp, wat die voorgestelde herroepings en/of wysigings bevat, deur 'n twee-derde meerderheid van alle stemme uitgebring in die referendum goedkeur, sal die wetsontwerp beskou word as aangeneem ooreenkomstig die bepalinge van die Grondwet en die President moet daarmee handel ooreenkomstig Artikel 56.

(4) Dit is nie toelaatbaar om hierdie Sub-Artikel of Sub-Artikels (2) of (3) te herroep of te wysig indien so 'n wysiging poog om die meerderhede wat in die Parlement of in 'n referendum vereis word, te verminder of dit in te perk nie. Sodanige beweerde herroeping of wysiging het geen regskrag of enige effek nie.

(5) Geen bepaling in hierdie Artikel:

(a) mag op enige wyse die verskansing van Artikel 131 of die fundamentele regte en vryhede soos in Hoofstuk 3 omskryf, inperk nie;

(b) mag die Parlement daarvan weerhou om sy eie samestelling of strukture te verander by wyse van die wysiging of herroeping van enige van die bepalinge van die Grondwet nie; met dien verstande dat alle wysigings ooreenkomstig die bepalinge van die Grondwet uitgevoer moet word.

# HOOFSTUK 20

# Die Wet in Werking en Oorgangsbepalings

### Artikel 133 - Die eerste Nasionale Vergadering

Die Grondwetgewende Vergadering word geag verkies te wees ooreenkomstig Artikels 46 en 49 van die Grondwet en is die eerste Nasionale Vergadering van Namibië. Die ampstermyn van sowel die President as die Nasionale Vergadering, begin op die datum van Onafhanklikheid.

### Artikel 134 - Verkiesing van die eerste President

(1) Ondanks die bepalings van Artikel 28, sal die eerste President van Namibië deur die Grondwetgewende Vergadering, met 'n eenvoudige meerderheid van al sy lede, verkies word.

(2) Die eerste President van Namibië sal geag word, ooreenkomstig Artikel 28, verkies te wees en sal by aanvaarding van sy/haar amp

al die bevoegdhede, werksaamhede, pligte en immuniteite van 'n President hê wat kragtens dié Artikel verkies is.

**Artikel 135 - Implementering van die Grondwet**

Hierdie Grondwet sal ooreenkomstig die bepalinge van Skedule 7 geïmplementeer word.

**Artikel 136 - Bevoegdhede van die Nasionale Vergadering voor die Verkiesing van 'n Nasionale Raad**

(1) Totdat 'n verkiesing vir 'n Nasionale Raad gehou is:

(a) word alle wetgewing wat deur die Nasionale Vergadering aangeneem is, beskou asof die Grondwet nie voorsiening vir 'n Nasionale Raad maak nie en asof die Parlement slegs uit die Nasionale Vergadering bestaan en dat die Nasionale Vergadering alleen optree, sonder om onderworpe te wees aan hersiening van die Nasionale Raad;

(b) moet die Grondwet uitgelê word asof geen funksies deur die Grondwet aan die Nasionale Raad toevertrou is nie;

(c) moet alle verwysing in Artikels 29, 56, 75 en 132 na die Nasionale Raad geïgnoreer word: met dien verstande dat geen bepaling in hierdie Sub-Artikel uitgelê moet word asof dit die algemeenheid van Sub-Artikels (a) en (b) beperk nie.

(2) Geen bepaling van Sub-Artikel (1) sal enigsins afbreuk doen aan die bepalinge van hoofstuk 8 of enige ander bepaling van die Grondwet wat voorsiening maak vir die instelling en die verkiesing van 'n Nasionale Raad en sy funksionering na die verkiesing nie.

**Artikel 137 - Verkiesing van die eerste Streeksrade en die eerste Nasionale Raad**

(1) Die President moet binne ses (6) maande ná Onafhankllikheid, deur Proklamasie, die eerste Afbakeningskommissie aanstel ingevolge die bepalinge van Artikel 104(1).

(2) Die Proklamasie moet voorsiening maak vir alle sake waarna in Artikels 102 en 106 verwys word, en moenie strydig met die Grondwet wees nie. Dit moet die Afbakeningskommissie beveel om grense van streke en Plaaslike Owerhede vas te stel met die oog op Plaaslike Owerhede- en Streeksradeverkiesings.

(3) Die Afbakeningskommissie wat ooreenkomstig die Proklamasie aangestel is, moet dadelik met sy werksaamhede begin en moet binne nege (9) maande na sy aanstelling, aan die President verslag lewer: met dien verstande dat die Nasionale Vergadering deur 'n resolusie en om grondige redes, die tydperk van so verslag kan verleng.

(4) Wanneer die President die verslag van die Afbakeningskommissie ontvang, moet hy/sy so gou moontlik daarna, deur Proklamasie, die grense van streke en Plaaslike Owerhede vasstel ooreenkomstig die voorskrifte van die verslag.

(5) Die President sal 'n datum, by wyse van Proklamasie, vasstel vir die verkiesings van Plaaslike Owerhede ingevolge Artikel 111 en die verkiesing moet binne ses (6) maande na die Proklamasie, omskryf in Sub-Artikel (4), of binne ses (6) maande ná die datum waarop die wetgewing omskryf in Artikel 111, afgekondig is, welke ookal die laaste is, plaasvind: met dien verstande dat die Nasionale Vergadering deur 'n resolusie en om grondige redes, die tydperk kan verleng.

(6) Die President sal 'n datum, by wyse van Proklamasie, vasstel vir die verkiesing van Streeksrade en die verkiesing moet plaasvind binne een (1) maand ná die datum van die verkiesings omskryf in Sub-Artikel (5), of binne een (1) maand van die datum waarop die wetgewing bedoel in Artikel 106(3), afgekondig is, wat ook al die laaste is: met dien verstande dat die Nasionale Vergadering deur 'n resolusie en om grondige redes, die tydperk kan verleng.

(7) Die President sal 'n datum, by wyse van Proklamasie, vasstel vir die verkiesing van die eerste Nasionale Raad, en die verkiesing moet plaasvind binne een (1) maand ná die datum van verkiesings omskryf in Sub-Artikel (6), of binne een (1) maand ná die datum waarop die wetgewing omskryf in Artikel 69(2), afgekondig is, wat ook al die laaste is: met dien verstande dat die Nasionale Vergadering deur 'n resolusie en om grondige redes, die tydperk kan verleng.

**Artikel 138 - Howe en Hangende Aksies**

Die Regter-President en ander Regters van die Hooggeregshof van Suidwes-Afrika, wat hul amp beklee het toe die Grondwet deur die Grondwetgewende Vergadering aangeneem is, word beskou as Regter-President en Regters van die Hoërhof van Namibië wat ooreenkomstig Artikel 82 aangestel is op die

datum van Onafhanklikheid, en word die eerste Regter-President en Regters van die Hoërhof van Namibië, wanneer hulle die eed of bevestiging van die amp aflê, ooreenkomstig die bewoording van Skedule 1: met dien verstande dat indien die Regter-President of enige ander Regter, vyf-en-sestig (65) jaar oud of ouer is op dié datum, hul aanstellings tot die ouderdom van sewentig (70) jaar ingevolge Artikel 82 (4), verleng sal word.

(a) Die wette wat onmiddelik voor die datum van Onafhanklikheid van krag was en wat die jurisdiksie van die howe in Namibië gereël het, asook die reg om in howe te verskyn, die prosedure wat in die howe gevolg is en die bevoegdheid en gesag van die regters, landdroste en ander regterlike beamptes, bly van krag totdat dit deur Parlementêre wetgewing herroep of gewysig word. Alle gedinge wat op die datum van Onafhanklikheid in die howe hangende is, sal voortgaan asof die howe behoorlik saamgestel was as howe van die Republiek van Namibië, toe die verrigtinge ingestel is.

(b) Enige appèl wat by die Appèlafdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika teen enige uitspraak of bevel van die Hooggeregshof van Suidwes-Afrika aangeteken is, word geag by die Hoogste Hof van Namibië aangeteken te wees en moet voortgesit word voor sodanige hof asof die uitspraak of bevel waarteen appèl aangeteken word, in die Hoërhof van Namibië gelewer is en die appèl by die Hoogste Hof van Namibië aangeteken is.

(c) Alle strafregtelike vervolgings wat voor die datum van Onafhanklikheid in howe in Namibië ingestel is, moet voortgesit word asof die vervolgings ná die datum van Onafhanklikheid, in howe van die Republiek van Namibië ingestel is.

(d) Alle misdade wat voor die datum van Onafhanklikheid in Namibië gepleeg is, en wat misdade sou wees ooreenkomstig die reg in die Republiek van Namibië, sou dit toe bestaan het, word geag misdade te wees volgens die reg van die Republiek van Namibië en strafbaar deur die howe van die Republiek van Namibië.

(3) Hangende die afkondiging van wetgewing wat beoog word in Artikel 79:

(a) sal die Hoogste Hof dieselfde jurisdiksie hê om appèlle van Namibiese howe aan te hoor en te beslis, as wat die Appèlafdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika voorheen gehad het;

(b) sal die Hoogste Hof jurisdiksie hê om sake wat deur die Prokureur-Generaal na hom verwys word vir beslissing, kragtens die Grondwet aan te hoor en daaroor 'n beslissing te maak;

(c) sal alle regspraktisyns wat voor die Hoërhof mag verskyn, die reg hê om voor die Hoogste Hof te verskyn;

(d) sal drie (3) regters 'n kworum van die Hoogste Hof uitmaak wanneer die hof, ingevolge Sub-Artikels (a) en (b), appèlle aanhoor of oor sake beslis; met dien verstande dat, indien sodanige regter sterf of onbevoeg word om voor te sit, nadat die appèl of saak begin het, maar voor die uitspraak gelewer is, moet die reg wat van toepassing is op die dood of onbekwaamheid van 'n regter van die Hoërhof, *mutatis mutandis* geld.

(e) totdat die Hoofregter reëls vir die Hoogste Hof gemaak het, ten opsigte van die kennisgewing en vervolging en verdediging van appèlle en alle samehangende aangeleenthede, moet die reëls wat Appèlle van die Hooggeregshof van Suidwes-Afrika na die Appèlafdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika gereël het, en wat onmiddellik voor die datum van Onafhanklikheid van krag was, *mutatis mutandis* van toepassing wees.

**Artikel 139 - Die Regsdienskommissie**

(1) Hangende die afkondiging van wetgewing, beoog in Artikel 85, en die aanstelling van 'n Regsdienskommissie ooreenkomstig die Artikel, moet die President die Regsdienskommissie deur Proklamasie aanstel, bestaande uit die Hoofregter, 'n regter wat deur die die President aangestel word, die Prokureur-Generaal, 'n advokaat benoem deur die Balieraad van Namibië en 'n prokureur benoem deur die Prokureursorde van Suidwes-Afrika; met dien verstande dat, totdat die eerste Hoofregter aangestel is, die President 'n tweede regter moet aanstel om 'n lid van die Regsdienskommissie te wees, totdat die Hoofregter aangestel is. Die Regsdienskommissie sal op sy eerste vergadering 'n voorsitter uit sy eie geledere kies,

wat voorsit op vergaderings totdat die Hoofregter aangestel is. Die Regsdienskommissie se eerste taak sal 'n aanbeveling aan die President wees, vir die aanstelling van die eerste Hoofregter.

(2) Onderworpe aan Sub-Artikel (1) hierbo, sal die bepalinge van Artikel 85 van toepassing wees op die funksionering van die Regsdienskommissie en gemelde Regsdienskommissie het al die bevoegdhede wat ooreenkomstig die Grondwet aan hom verleen word.

**Artikel 140 - Die Wet in Werking op die Datum van Onafhanklikheid**

(1) Onderworpe aan die bepalinge van die Grondwet, sal alle wette wat onmiddelik voor die datum van Onafhanklikheid van krag was, van krag bly totdat dit deur Parlementêre wetgewing herroep of gewysig word, of totdat dit deur 'n bevoegde hof as ongrondwetlik verklaar word.

(2) Alle bevoegdhede, wat ooreenkomstig sulke wette, by die Regering of 'n minister of 'n amptenaar van die Republiek van Suid-Afrika berus het, word beskou as bevoegdhede van 'n Minister of 'n amptenaar van die Regering van die Republiek van Namibië, met dieselfde funksies en alle bevoegdhede, pligte en funksies wat by die Staatsdienskommissie van die Republiek van Suid-Afrika berus het, sal by die Staatsdienskommissie, soos omskryf in Artikel 112, berus.

(3) Enigiets wat voor die datum van Onafhanklikheid kragtens sodanige wette deur die Regering of deur 'n minister of enige amptenaar van die Republiek van Suid-Afrika gedoen is, moet geag word gedoen te wees deur die Regering van die Republiek van Namibië of deur 'n ooreenstemmende Minister of staatsamptenaar van die Republiek van Namibië, tensy sodanige handeling daarna verwerp word deur Parlementêre wetgewing en enigiets, aldus gedoen deur die Staatsdienskommissie van die Republiek van Suid-Afrika word geag gedoen te wees deur die Staatsdienskommissie soos omskryf in Artikel 112, tensy andersins bepaal deur Parlementêre wetgewing.

(4) enige ander amptenaar of instelling in die Republiek van Suid-Afrika, moet geag word 'n verwysing te wees na die President van Namibië of na 'n ooreenstemmende Minister, beampte of instelling in die Republiek van Namibië. Enige verwysing na die Staatsdienskommissie of die Regeringsdiens moet beskou word as

’n verwysing na die Staatsdienskommissie soos omskryf in Artikel 112, of die Staatsdiens van Namibië.

(5) Vir die doeleindes van hierdie Artikel, moet die Regering van die Republiek van Suid-Afrika die administrasie van die Administrateur-Generaal, wat deur die Regering van Suid-Afrika aangestel is om Namibië te administreer, insluit en enige verwysing na die Administrateur-Generaal in wetgewing wat deur sy administrasie afgekondig is, moet geinterpreteer word as ’n verwysing na die President van Namibië, en enige verwysing na ’n minister of ’n amptenaar van sy administrasie, moet beskou word as ’n verwysing na ’n Minister of amptenaar van die Regering van die Republiek van Namibië, met soortgelyke funksies.

**Artikel 141 - Bestaande Aanstellings**

(1) Behalwe vir die bepalinge van die Grondwet, moet enige persoon wat ooreenkomstig ’n wet wat op die datum van Onafhanklikheid in werking is, ’n pos beklee, voortgaan om sodanige pos te beklee, tensy en totdat hy/sy bedank, aftree of verplaas word of ooreenkomstig Parlementêre wetgewing uit die pos ontslaan word.

(2) Enige verwysing na die Prokureur-Generaal in wetgewing van krag onmiddellik voor die datum van Onafhanklikheid, moet gereken word as’n verwysing na die Aanklaer-Generaal wat sy/haar werksaamhede ooreenkomstig die Grondwet moet uitvoer.

**Artikel 142 - Aanstelling van die eerste Hoof van die Weermag, dié eerste Inspekteur-Generaal van Polisie en die eerste Kommissaris van die Gevangenisse**

Die President sal, in oorlegpleging met die leiers van alle politieke partye wat in die Nasionale Raad verteenwoordig word, deur Proklamasie, die eerste Hoof van die Weermag, die eerste Inspekteur-Generaal van die Polisie en die eerste Kommissaris van die Gevangenisse, aanstel.

**Artikel 143 - Bestaande Internasionale Ooreenkomste**

Alle bestaande internasionale ooreenkomste wat bindend op Namibië is, bly van krag tensy en totdat die Nasionale Vergadering ooreenkomstig Artikel 63(2)(d) anders besluit.

# HOOFSTUK 21
# Finale Bepalings

**Artikel 144 - Internasionale Reg**

Tensy die Grondwet of Parlementêre wetgewing anders bepaal, sal die algemene reëls van Internasionale Publieke Reg en internasionale ooreenkomste wat bindend op Namibië is, deel vorm van die Namibiese reg.

**Artikel 145 - Voorbehoud**

(1) Geen bepalinge in die Grondwet moet uitgelê word asof dit die Regering van Namibië belas met:

(a) enige verpligtinge teenoor enige ander staat, wat nie andersins ooreenkomstig Internasionale Reg sou bestaan nie;

(b) enige verpligtinge wat voorkom teenoor enige persoon uit handelinge of kontrakte van vorige administrasies wat nie andersins deur die Internasionale Reg as bindend op die Republiek van Namibië erken sou word nie.

(2) Geen bepaling in die Grondwet moet op enige wyse gesien word as erkenning van die geldigheid van die administrasie van Namibië deur die Regering van die Republiek van Suid-Afrika of deur die Administrateur-Generaal wat deur die Regering van die Republiek van Suid-Afrika aangestel was om Namibië te administreer nie.

**Artikel 146 - Definisies**

(1) Tensy dit uit die inhoud anders voorkom, het enige woord of uitdrukking in die Grondwet die betekenis wat aan ’n bepaalde woord of uitdrukking gegee word in enige wet wat met die uitleg van statute handel en wat voor die datum van Onafhanklikheid binne die grondgebied van Namibië van krag was.

(2) (a) Die woord “Parlement” beteken die Nasionale Vergadering en sodra die eerste Nasionale Raad verkies is, beteken dit die Nasionale Vergadering wie se handelinge wanneer dit deur die Grondwet vereis word, onderworpe is aan die hersiening van die Nasionale Raad.

(b) Enige verwysing na meervoud sluit enkelvoud in en enige verwysing na enkelvoud sluit meervoud in.

(c) Enige verwysing na die "datum van Onafhanklikheid" of "Onafhanklikheid" verwys na die dag waarop Namibië deur die Grondwetgewende Vergadering as onafhanklik verklaar is.

(d) Enige verwysing na die "Grondwetgewende Vergadering" word beskou as 'n verwysing na die Grondwetgewende Vergadering wat gedurende November 1989 vir Namibië verkies is soos bepaal deur die Verenigde Nasies se Veiligheidsraadresolusie 435 van 1978.

(e) Enige verwysing na "Staatskoerant" word gesien as 'n verwysing na die Staatskoerant van die Republiek van Namibië.

**Artikel 147 - Herroeping van Wette**

Die wette uiteengesit in skedule 8 word hiermee herroep.

**Artikel 148 - Kort Titel**

Hierdie Grondwet word die Namibiese Grondwet genoem.

# SKEDULE 1

***Eed/Plegtige verklaring van Regters***

*"Ek, ............. , verklaar onder eed/verklaar hiermee plegtig dat ek as 'n Regter van die Republiek van Namibië die Grondwet van die Republiek van Namibië as die opperste wet sal verdedig en nakom en vreesloos sonder voorkeur of vooroordeel en ooreenkomstig die wette van die Republiek van Namibië vir alle persone regspraak sal lewer.*
*(in die geval van 'n eed)*

*So help my God."*

# SKEDULE 2

***Eed/Plegtige verklaring van Ministers en Adjunk-Ministers***

*"Ek, .................. , verklaar onder eed/verklaar hiermee plegtig dat ek getrou sal wees teenoor die Republiek van Namibië, my posisie as Minister/ Adjunk-Minister met eer en waardigheid sal beklee, die Grondwet sal nakom, beskerm en verdedig en getrou die wette van die Republiek van Namibië sal gehoorsaam, uitvoer en administreer, die mense van Namibië na die beste van my vermoë sal dien, nie direk of indirek enige sake wat voor die Kabinet dien en onder geheimhouding aan my toevertrou word, sal openbaar maak nie en pligte van my posisie en die werksaamhede wat deur die President aan my opgedra is, pligsgetrou en na die beste van my vermoë sal uitvoer.*
(in die geval van 'n eed)

*So help my God."*

# SKEDULE 3

***Eed/Plegtige verklaring van Lede van die Nasionale Vergadering en die Nasionale Raad***

*"Ek, .................. , verklaar onder eed/verklaar hiermee plegtig dat ek getrou sal wees aan die Republiek van Namibië en sy mense en ek belowe plegtig om die Grondwet en wette van die Republiek van Namibië na die beste van my vermoë na te kom en te beskerm.*
(in die geval van 'n eed)

*So help my God."*

# SKEDULE 4

***Verkiesing van Lede van die Nasionale Vergadering***

(1) Met die oog daarop om die twee-en-sewentig (72) setels van die Nasionale Vergadering te vul , soos in Artikel 46(1)(a) bepaal word, moet die totale aantal stemme wat in 'n algemene verkiesing vir hierdie setels uitgebring is, deur twee-en-sewentig (72) gedeel word en die uitslag bepaal dan die kwota stemme van elke setel.

(2) Die totale aantal stemme wat ten gunste van 'n geregistreerde politieke party, wat aan die verkiesing deelgeneem het, uitgebring is, word deur die kwota stemme per setel gedeel en die uitslag maak, met inagneming van paragraaf (3), die aantal setels uit waarop die bepaalde politieke party in die Nasionale Vergadering geregtig is.

(3) Waar die formule wat in paragraaf (2) uiteengesit word, 'n oorskotbreuk oplewer wat nie deur die aantal setels wat aan die betrokke politieke party toegewys is, geabsorbeer word nie, moet sodanige oorskot meeding met ander soortgelyke oorskotte wat aan enige ander politieke party of partye wat aan die verkiesing deelneem, toeval en enige ontoegewysde setel of setels (ingevolge die formule uiteengesit in paragraaf (2)) moet aan die betrokke party of partye in die volgorde van die hoogste oorskot toegeken word.

(4) Met inagneming van die vereistes met betrekking tot die kwalifikasie van lede van die Nasionale Vergadering, staan dit 'n politieke party wat vir setels volgens paragraaf (2) en (3) kwalifiseer, vry om na eie goeddunke te kies watter persone as lede van die Nasionale Vergadering genomineer moet word om die genoemde setels te vul.

(5) Voorsiening moet deur Parlementêre wetgewing gemaak word dat alle partye wat aan 'n verkiesing van die Nasionale Vergadering deelneem, by alle belangrike stadiums van die verkiesingsproses verteenwoordig word en 'n billike geleentheid gegun word om die telling van stemme wat in die verkiesing uitgebring is, noukeurig na te gaan.

# SKEDULE 5

***Eiendom van die Regering van Namibië***

(1) Alle eiendom waarvan die eiendomsreg of kontrole onmiddellik voor die datum van Onafhanklikheid aan die Regering van die Gebied Suidwes-Afrika behoort het, of aan enige Verteenwoordigende Owerheid ingestel ooreenkomstig die Proklamasie op Verteenwoordigende Owerhede, 1980 (Proklamasie AG 8 van 1980), of aan die Regering van Rehoboth, of aan enige ander organisasie, statutêr of andersins, wat tot voordeel van die Regering of owerheid ingestel is, onmiddelik voor die datum van Onafhanklikheid, of wat in trust gehou is vir of namens die Regering van ’n Onafhanklike Namibië, moet onder beheer van die Regering van Namibië wees.

(2) Vir die toepassing van hierdie Skedule beteken die woord “eiendom”, sonder om afbreking te doen aan die algemene begrip van die woord, beweegbare en vaste eiendom in, of dit aanraakbaar of onaanraakbaar is, of waar ook al geleë, en sluit dit enige reg of belang daarby in.

(3) Alle vaste eiendom moet aan die Regering van Namibië oorgedra word sonder betaling van hereregte, seëlregte of enige ander gelde of heffings, maar met inagneming van enige bestaande regte, kostes, verpligtinge of trust op of oor bepaalde eiendom en ook onderworpe aan die bepalinge van die Grondwet.

(4) Die betrokke Registrateur van Aktes sal wanneer die transportakte van enige vaste eiendom soos genoem in paragraaf (1) aan hom/haar oorhandig word, die transportakte endosseer dat die vaste eiendom wat daarin beskryf word, aan die Regering van Namibië oorgedra word en moet die nodige inskrywings in sy/haar registers gemaak word. Daarna sal die transportakte vir alle doeleindes dien as ’n bewys van die Regering van Namibië se eiendomsreg oor die bepaalde eiendom.

# SKEDULE 6

### *Die Nasionale Vlag van die Republiek van Namibië*

Die Nasionale Vlag van Namibië moet reghoekig wees in die verhouding van drie in die lengte tot twee in die breedte, in drie dele verdeel deur 'n omgekeerde skuinsbalk, blou, wit en groen; die wit omgekeerde skuinsbalk wat een-derde van die breedte van die vlag moet wees, is oorlê met nog een in rooi, een kwart van die breedte van die vlag. In die boonste paalkant moet daar 'n goue son met twaalf reguit strale wees, wat in radius een derde van die breedte van die vlag moet wees, met sy vertikale aslyn een vyfde van die afstand van die paalkant, met posisie ewe ver van die boonste rand en van die omgekeerde skuinsbalk. Die strale, wat elk twee-vyfdes van die radius van die son moet wees, gaan uit van die buitenste rand van 'n blou ring wat 'n radius van een-tiende van die son het.

# SKEDULE 7

### *Implementering van die Grondwet*

(1) Op Onafhanklikheidsdag sal die Sekretaris-Generaal van die Verenigde Nasies die eed of plegtige verklaring wat in Artikel 30 voorgeskryf word, van die President, wat ingevolge Artikel 134 verkies is, afneem.

(2) Die President sal die Eerste Minister aanstel en die eed of verklaring soos voorgeskryf in Skedule 2, van hom/haar afneem.

(3) Die President sal die eed of verklaring soos voorgeskryf in Skedule 1, van die eerste Regters van Namibië, aangestel volgens artikel 138(1), afneem.

(4) Op die dag wat deur die Grondwetgewende Vergadering bepaal sal word, moet die Nasionale Vergadering sy eerste sitting hou op 'n tyd en 'n plek wat deur die Eerste Minister bepaal word.

(5) Die lede van die Nasionale Vergadering sal met die Eerste Minister as Voorsitter:

- (a) die eed of verklaring soos voorgeskryf deur Artikel 55 voor die Regter-President of 'n Regter wat deur die Regter-President vir dié doel aangestel is, aflê;

(b) die Speaker van die Nasionale Vergadering verkies.

(6) Die Nasionale Vergadering, met die Speaker as Voorsitter, moet:

(a) 'n Adjunk-Speaker kies;

(b) sake hanteer soos die Nasionale Vergadering goeddink;

(c) verdaag tot 'n datum wat deur die Nasionale Vergadering vasgestel moet word.

(7) Die reëls en prosedures wat die Grondwetgewende Vergadering gebruik het vir die hou van sy vergaderings moet *mutatis mutandis* die reëls en prosedures wees wat deur die Nasionale Vergadering gevolg word totdat die Nasionale Vergadering reëls en prosedures en 'n Reglement van Orde ooreenkomstig Artikel 59 aanvaar het.

# SKEDULE 8

## *Herroeping van Wette*

Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet no. 39 van 1968)

Wet op Selfregering vir Rehoboth 1976 (Wet no. 56 van 1976)

Proklamasie op die Instelling van Amp van Administrateur-Generaal vir die Gebied Suidwes-Afrika, 1977 (Proklamasie no. 180 van 1977 van die Staatspresident)

Proklamasie op die Verlening van Wetgewende Bevoegdheid aan die Administrateur-Generaal vir die Gebied Suidwes-Afrika, 1977 (Proklamasie no. 181 van 1977 van die Staatspresident)

Proklamasie op Verteenwoordigende Owerhede, 1980 (Proklamasie AG. 8 van 1980) Proklamasie op die Verteenwoordigende Owerheid van die Blankes, 1980 (Proklamasie AG. 12 van 1980)

Proklamasie op die Verteenwoordigende Owerheid van die Kleurlinge¸ 1980 (Proklamasie AG. 14 van 1980)

Proklamasie op die Verteenwoordigende Owerheid van die Owambo's, 1980

(Proklamasie AG. 23 van 1980)

Proklamasie op die Verteenwoordigende Owerheid van die Kavango's, 1980

(Proklamasie AG. 26 van 1980)

Proklamasie op die Verteenwoordigende Owerheid van die Capriviane, 1980

(Proklamasie AG. 29 van 1980)

Proklamasie op die Verteenwoordigende Owerheid van die Damaras, 1980

(Proklamasie AG. 32 van 1980)

Proklamasie op die Verteenwoordigende Owerheid van die Namas, 1980

(Proklamasie AG. 35 van 1980)

Proklamasie op die Verteenwoordigende Owerheid van die Tswanas, 1980

(Proklamasie AG. 47 van 1980)

Proklamasie op die Verteenwoordigende Owerheid van die Herero's, 1980

(Proklamasie AG. 50 van 1980)

Proklamasie op die Oordrag van Bevoegdhede van Verteenwoordigende Owerhede, 1989 (Proklamasie AG. 8 van 1989)

Proklamasie op die Oordrag van Bevoegdhede van die Regering van Rehoboth, 1989 (Proklamasie AG. 32 van 1989)

# Eerste wysigingswet op die Namibiese Grondwet, 1998

**VERDUIDELIKENDE NOTA:**

_______ Woorde wat met 'n ononderbroke lyn onderstreep is, dui invoegings in bestaande bepalinge aan.

[ ] Woorde in vet letters in vierkantige hakies dui weglatings van bestaande bepalings aan.

# WET

**Ter wysiging van die Namibiese Grondwet om voorsiening te maak dat die eerste President van Namibië die amp van President vir drie termyne kan beklee en om voorsiening te maak vir gepaardgaande sake.**

**DAAR WORD SOOS VOLG BEPAAL** deur die Parlement van die Republiek van Namibië, ooreenkomstig die vereistes van artikel 132 van die Namibiese Grondwet:-

**Wysiging van Artikel 134 van die Namibiese Grondwet**

1. Artikel 134 van die Namibiese Grondwet word gewysig deur die byvoeging van die volgende subartikel:

   "(3) Ondanks artikel 29(3) kan die eerste President van Namibië sy amp as President vir drie (3) termyne beklee."

**Kort titel**

2. Hierdie wet sal bekend staan as die Eerste Wysigingswet op die Namibiese Grondwet, 1998.